Western Cape Government

Cultural Affairs and Sport

iLifa leMveli leNtshona Koloni
Erfenis Wes-Kaap
Heritage Western Cape



# Annual Report 2012/2013
Heritage Western Cape

# Ingxelo yoNyaka 2012/2013
ILifa leMveli leNtshona Koloni

# Jaarverslag 2012/2013
Erfenis Wes-Kaap

Wes-Kaapse Regering

Kultuursake en Sport

iLifa leMveli leNtshona Koloni
Erfenis Wes-Kaap
Heritage Western Cape

# Jaarverslag 2012/2013

Erfenis Wes-Kaap

**Inhoud**

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING ....... 3
1 Openbare Entiteit se algemene inligting ....... 4
2 Lys van afkortings/akronieme ....... 4
3 Strategiese oorsig ....... 5
3.1 Visie ....... 5
3.2 Missie ....... 5
3.3 Waardes ....... 5
3.4 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte ....... 5
4 Wetgewende en ander mandate ....... 5
5 Organisatoriese struktuur ....... 7
6 Voorwoord deur die Voorsitter ....... 8
7 Hoof Uitvoerende Beampte se oorsig ....... 9

DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING ....... 10
1 Verklaring van verantwoordelikheid vir prestasie-inligting ....... 11
2 Ouditeursverslag: Voorafbepaalde doelwitte ....... 12
3 Oorsig van openbare entiteit se prestasie ....... 12
3.1 Diensleweringsomgewing ....... 12
3.2 Organisatoriese omgewing ....... 16
3.3 Kernbeleidsontwikkelinge en wetgewende veranderinge ....... 17
3.4 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte ....... 19
4 Prestasie-inligting ....... 20
5 Opsomming van finansiële inligting ....... 24

DEEL C: BESTUUR ....... 25
1 Inleiding ....... 26
2 Portfoliokomitees ....... 26
3 Uitvoerende Gesag ....... 26
4 Die Raad Erfenis Wes-Kaap ....... 27

Buitebladfoto: McLean Observatory Cape Town (1897)
Fotograaf: Wim Filmalter
Wenfoto in die Suid-Afrikaanse rondte van die 'Wiki Loves Monuments' fotografiese kompetisie geborg deur Erfenis Wes-Kaap.
Foto met vergunning van Wiki Commons,
http://commons.wikimedia.org

5 Risikobestuur ....................................................................................................33
6 Interne beheereenheid .....................................................................................33
7 Interne oudit en die ouditkomitee ...................................................................33
8 Voldoening aan wetgewing en regulasies.......................................................34
9 Bedrog en korrupsie ..........................................................................................34
10 Beperking van belangekonflik .........................................................................34
11 Gedragskode ......................................................................................................35
12 Gesondheids-, veiligheids- en omgewingsake................................................35
13 Maatskappy-/Raadsekretaris..............................................................................35
14 Maatskaplike verantwoordelikheid....................................................................36
15 Ouditkomiteeverslag...........................................................................................37

DEEL D: MENSLIKE HULPBRONBESTUUR .........................................................................39

DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING.........................................................................................40
1 Verklaring van verantwoordelikheid ...................................................................41
2 Verslag van die Hoof Uitvoerende Beampte ......................................................42
3 Verslag van die eksterne ouditeur ........................................................................43
4 Finansiële Jaarstate...............................................................................................46

# DEEL A: ALGEMENE INLIGTING

# 1 OPENBARE ENTITEIT SE ALGEMENE INLIGTNG

| | |
|---|---|
| **GEREGISTREERDE NAAM** | Erfenis Wes-Kaap |
| **FISIESE ADRES** | 3de Vloer, Protea Versekeringsgebou<br>Groentemarkplein<br>Kaapstad<br>8001 |
| **POSADRES** | Privaatsak X9067<br>Kaapstad<br>8000 |
| **TELEFOONNOMMER** | 021 483 9598 |
| **FAKSNOMMER** | 021 483 9845 |
| **E-POSADRES** | Andrew.Hall@westerncape.gov.za |
| **WEBWERFADRES** | www.hwc.org.za |
| **BANK** | Nedbank |

# 2 LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

| | |
|---|---|
| APMK | Argeologie, Paleontologie en Meteoriete-komitee |
| BAV | Basiese Assesseringsverslag |
| BBP | Bewaringsbestuursplan |
| BBR | Bewaringsbestuursraamwerk |
| BID | Basiese Inligtingsdokument |
| BOLK | Beboude Omgewings- en Landskappe-komitee |
| DKES | Departement van Kultuursake en Sport |
| D: ORB | Direktoraat Ondernemingsrisikobestuur |
| EIA | Erfenisimpakassessering |
| EWK | Erfenis Wes-Kaap |
| FJS | Finansiële Jaarstate |
| GGBO | Grondgebruikbeplanningsordonnansie |
| HFB | Hoof Finansiële Beampte |
| HUB | Hoof Uitvoerende Beampte |
| IAK | Impakassesseringskomitee |
| IGVK | Inventarisse, Graderings- en Vertolkingskomitee |
| JPP | Jaarlikse Prestasieplan |
| King III | King-verslag oor Korporatiewe Bestuur, 2009 |
| KVO | Kennisgewing van voorneme om te ontwikkel |
| LUR | Lid van die [Provinsiale] Uitvoerende Raad |
| OGSA | Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika |
| OIA | Omgewingsimpakassessering |

| | |
|---|---|
| ORB | Ondernemingsrisikobestuur |
| ORBKOM | Ondernemingsrisikobestuurskomitee |
| PK | Provinsiale Kennisgewing |
| RVB | Rekord van Besluit |
| SAEHA | Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronne-agentskap |
| SAEHIS | Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronne-inligtingstelsel |
| UK | Uitvoerende Komitee |
| UOWP | Uitgebreide Openbare Werke-program |
| WNEH | Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) |
| WOFB | Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 |

# 3 STRATEGIESE OORSIG

## 3.1 Visie

Om die diverse stedelike en landelike erfenishulpbronne van die mense van die Wes-Kaap te vier, te waardeer, in stand te hou en te koester, deur trots op beide tasbare en nie-tasbare erfenis, veral onder die voorheen gemarginaliseerde gemeenskappe, te bevorder.

## 3.2 Missie

Deur 'n geïntegreerde erfenishulpbronbestuurstelsel in die Wes-Kaap te vestig en in stand te hou, verseker ons die identifikasie, bewaring, beskerming en bevordering van erfenishulpbronne vir huidige en toekomstige geslagte in al ons gemeenskappe.

## 3.3 Waardes

Inklusiwiteit, verantwoordbaarheid, deursigtigheid, bevordering van burgerlike trots, uitnemendheid en etiese optrede.

## 3.4 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

Om die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap te beskerm, te bewaar en te bestuur.

# 4 WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

Erfenis Wes-Kaap (EWK) is op 25 Oktober 2002 ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet 25 van 1999) as 'n provinsiale erfenishulpbrongesag gevestig. Dit is onderworpe aan die Nasionale Tesourie-regulasies en is ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) 'n skedule 3 provinsiale openbare entiteit.

EWK se mandaat is om strategieë en prosedures te ontwikkel vir die implementering van die Wet op die Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (WNEH). Dit sluit in die identifikasie, oprekordstelling, beskerming, bewaring, bevordering en bestuur van erfenis in die Wes-Kaap.

### *Nasionale wetgewing*

| | |
|---|---|
| Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 | Wet 108 van 1996 |
| Wet op Kultuurinstellinge, 1998 | Wet 119 van 1998 |
| Wet op Kultuurbevordering, 1983 | Wet  35 van 1983 |
| Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Religieuse en Linguïstiese Gemeenskappe, 2002 | Wet 19 van 2002 |
| Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies | Wet 25 van 2002 |
| Wet op die Interregeringsverhoudinge-raamwerk | Wet 13 van 2005 |
| Wet op die Nasionale Argief- en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996 | Wet 43 van 1996 |
| Wet op Nasionale Erfenis, 1999 | Wet 11 van 1999 |
| Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 | Wet 25 van 1999 |
| Nasionale Tesourieregulasies | Staatskoerant 27388, 15 Maart 2005 |
| Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 | Wet 2 van 2000 |
| Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 | Wet 3 van 2000 |
| Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 | Wet 1 van 1999 |
| Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998 | Wet 118 van 1998 |
| Wet op die Wêrelderfeniskonvensie | Wet 49 van 1999 |

### *Provinsiale wetgewing*

| | |
|---|---|
| Grondwet van die Wes-Kaap, 1998 | Wet 1 van 1998 |
| Wet op die Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurrade, 1998 | Wet 14 van 1998 (Wes-Kaap) |
| Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuurregulasies | PK 336 van 25 Oktober 2002 |
| | PK 298 van 29 Augustus 2003 |
| | PK 212 van  10 November 2004 |
| | PK 106 van 31 Maart 2005 |

***Kerngrondwetlike mandate (Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996)***

**Artikel 24(b) (ii): Omgewing**: Erfenis Wes-Kaap moet deur wetgewende en ander maatreëls, die bevordering van die bewaring van die erfenisomgewing in die Wes-Kaap reguleer en moniteer. Dit mag nie gedoen word op 'n manier wat teenstrydig met enige bepaling in die Handves van Menseregte is nie. Jaarverslae op hierdie mandaat word aan die Wes-Kaapse Provinsiale Wetgewer voorgelê.

**Artikel 31: Kultuur-, religieuse en linguïstiese gemeenskappe**: Erfenis Wes-Kaap moet verseker dat hulle programme en projekte die kulturele diversiteit van die Wes-Kaapse bevolking in ag neem.

**Artikel 41: Beginsels van samewerkende regering en interregeringsverhoudinge:** Erfenis Wes-Kaap werk saam met alle regeringsfere. Ingevolge hulle mandaat werk Erfenis Wes-Kaap nóú saam met die Departement van Kultuursake en Sport, die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap en munisipaliteite in die Wes-Kaap.


**Skedule 5: Funksionele gebiede van eksklusiewe provinsiale wetgewende bevoegdheid:** Erfenis Wes-Kaap, die provinsiale erfenishulpbrongesag, word deur die DKES voorsien van

personeel en ander gedeelde finansiële en administratiewe steun om hul regsmandaat uit te voer en te administreer. Die LUR het ook sekere regsmagte en is ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne die gesag van finale appèl.

***Grondwet van die Wes-Kaap, 1998***

**Artikel 81**: Erfenis Wes-Kaap moet beleidsrigtings implementeer om die welsyn van die Wes-Kaap se mense aktief te bevorder en in stand te hou, spesifiek met betrekking tot die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte. Erfenis Wes-Kaap moet spesifieke beleidsrigtings in hierdie opsig implementeer.

## 5 ORGANISATORIESE STRUKTUUR



## 6 VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER



Die jaar 2012/13 was die laaste volledige boekjaar van die dienstermyn van die huidige Raad van Erfenis Wes-Kaap. Dit was ook die jaar waarin die organisasie hulle eerste dekade van diens aan die provinsie gevier het. Hierdie jaarverslag bied dus die geleentheid om 'n oorsig te bied oor wat onder beide die huidige Raad en die organisasie sedert hulle begin in 2002 bereik is.

Vanaf 'n nederige begin met 'n raad en twee personeellede, het Erfenis Wes-Kaap gegroei tot die personeel van sewentien en die lede van vyf staande komitees. Die komitees en personeel bedien die organisasie met 'n wye verskeidenheid van vaardighede en dissiplines wat benodig word vir die vele erfenissake en om die werk doeltreffend te administreer. Die komiteelede en personeel het oor die afgelope jaar meer as 2 000 aansoeke ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne verwerk en die meeste daarvan is binne 14 dae na voorlegging afgehandel.

Veral gedurende die dienstermyn van die huidige Raad is aandag geskenk aan beleidsontwikkeling, waardeur groter helderheid teweeg gebring is, beide vir die organisasie en vir diegene wat daardeur gedien word. Dit het bygedra tot 'n verbetering van die gehalte van die aansoeke wat ontvang is en die doeltreffendheid waarmee hulle verwerk is. Terwyl daar nog genoeg ruimte is vir die skep van 'n omgewing waarin die aansoekers en ander wat met die organisasie saamwerk, die grootste moontlike helderheid het oor hoe die organisasie sake op die agenda sal beskou en hoe hulle dit sal hanteer, is werk in die gebiede wat die grootste uitdagings gebied het, afgehandel.

Die groter doeltreffendheid bied die geleentheid vir die beter aanwending van die hulpbronne om afgesien van die verwerking van aansoeke, ook ander gebiede onder hul jurisdiksie te verken. Tydens die huidige dienstermyn, is baie werk in hierdie opsig verrig om munisipaliteite aan te moedig om op 'n plaaslike vlak meer aktief by die bestuur van erfenishulpbronne betrokke te raak. Sedert 2010 is inventarisse van die nasionale lys van bates vir ses munisipaliteite voorgelê en 'n sewende word gefinaliseer. Daarby is baie groot vordering gemaak met die devolusie van magte na die Stad Kaapstad, die eerste plaaslike owerheid wat amptelik as bevoeg beskou is om om erfenishulpbronne te bestuur. Teen die einde van die boekjaar was 'n ooreenkoms oor die delegering van magte aan die Stad om die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne te implementeer, naby voltooiing.

Die prestasies hierbo vernoem sou nie moontlik wees sonder die toewyding van die Raadslede, die vyf staande komitees se lede en die steun en aanmoediging van die vele vennote oor die afgelope dekade nie. Ek bedank hulle almal, asook die HUB en sy personeel; die Departement van Kultuursake en Sport en ons LUR, dr. Ivan Meyer.

ADV. RONÉE ROBINSON
Voorsitter: Erfenis Wes-Kaap
20 Mei 2013

# 7 HOOF UITVOERENDE BEAMPTE SE OORSIG



Hierdie boekjaar het Erfenis Wes-Kaap vir die eerste keer meer as 2 000 aansoeke ontvang. Dit is 'n belangrike prestasie vir 'n werksgebied wat meer as 90% van die organisasie se werkslading behels. Die bykomende aansoeke beloop 'n jaarlikse toename van 14.2% en, terwyl dit waarskynlik 'n aanduiding is van hernieude bou-aktiwiteit, is dit ook die resultaat van insette om 'n groter vlak van voldoening aan die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne te verseker.

Die oorsigjaar was ook die jaar waarin EWK begin het om die 2 500 voormalige nasionale monumente in die Wes-Kaap te gradeer. 'n Totaal van 225 persele is geëvalueer en die persele op Vlak 2 was die eerste waar die nuwe provinsiale erfeniskenteken opgerig is. Hierdie kenteken en ander kentekens wat erfenisterreine se status ingevolge die WNEH aandui, sal geleidelik die ou nasionale monumente se kentekens vervang. Sodoende sal die identiteit van Erfenis Wes-Kaap as die beskermorganisasie van erfenisterreine in die provinsie stewig gevestig word.

'n Hoogtepunt hierdie jaar was EWK se deelname in September 2012 as 'n medeborg van die Suid-Afrikaanse gedeelte van die 'Wiki Loves Monuments' kultuurerfenis-fotokompetisie.[1] Hierdie internasionale Wikipedia-projek was ons fokus vir Erfenismaand en het tegnologie (digitale media) en erfenis deur die medium van fotografie versoen. Gevolglik is erfenisliggame regoor die wêreld voorsien van 'n visuele rekord van 350 000 erfenisterreine en 'n forum vir die jeug om hulle selfoonkameras's te gebruik om via die Internet aan 'n groot internasionale erfenisprojek deel te neem. Gegewe die sukses van die 2012-projek, waarin foto's uit die Wes-Kaap eerste en derde plekke in die Suid-Afrikaanse kompetisie behaal het, het die EWK-raad besluit om 'n drie-jarige verbintenis met Wikipedia te sluit.

EWK se hoofuitdaging is die druk om aansoeke doeltreffend en betyds te verwerk. Die hoë werkslading beteken dat daar baie min tyd en ruimte is om doeltreffend en op volgehoue wyse die vele ander verantwoordelikhede van die provinsiale erfenishulpbrongesag te behartig. Die komende delegasie van magte aan die Stad Kaapstad sal ietwat verligting bring, asook nuwe geleenthede vir die organisasie om na ander gebiede van dienslewering uit te brei.

Laastens, my dank aan ons toegewyde personeel, komitee en personeellede vir hul voortgehoue toewyding tot die saak van erfenisbewaring. Sonder hulle en die steun van ons LUR, dr. Ivan Meyer, asook die administratiewe en finansiële steun wat deur ons kollegas in die Departement van Kultuursake en Sport voorsien word, sou EWK nie oor die dekade tot die organisasie wat dit vandag is, ontwikkel het nie. My dank aan hulle almal.

A. B. Hall

ANDREW HALL
Hoof Uitvoerende Beampte, Erfenis Wes-Kaap

21 Mei 2013

[1] Sien http://www.wikilovesmonuments.org/ vir verdere inligting.

# DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING

# 1 VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID VIR PRESTASIE-INLIGTING

### Verklaring van verantwoordelikheid vir prestasie-inligting vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

Ingevolge die Wet op die Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (WOFB), hou die Rekenpligtige Gesag volle en geouditeerde rekords van die organisasie se finansiële sake. Die finansiële jaarstate moet volgens die Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) die stand van sake by Erfenis Wes-Kaap, hulle kernbesigheid, finansiële resultate, prestasie teen voorafbepaalde doelwitte en finansiële posisie teen die einde van die finansiële jaar weergee.

Na my mening weerspieël die prestasie-inligting die wesenlike prestasie teen die beplande doelwitte, aanduiders en teikens ingevolge die strategiese en jaarlikse prestasieplan van EWK vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2013.

Erfenis Wes-Kaap se prestasie-inligting vir die jaar geëindig 31 Maart 2013 is deur die eksterne ouditeurs ondersoek en hulle verslag verskyn op bladsy 43 tot en met bladsy 45.

Die prestasie-inligting van die entiteit, soos uiteengesit op bladsye 12 tot 23 is deur die EWK-raad goedgekeur.



Andrew Hall

Hoof Uitvoerende Beampte

24 Mei 2013

# 2 OUDITEURSVERSLAG: VOORAFBEPAALDE DOELWITTE

Die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika voer tans die nodige ouditprosedures op die prestasie-inligting uit om redelike versekering in die vorm van 'n ouditgevolgtrekking te bied. Die ouditgevolgtrekking oor die prestasie teen voorafbepaalde doelwitte word by die bestuursverslag ingesluit. Materiële bevindinge word in die beriggewing oor ander regs- en regulatoriese vereistes in die Ouditeursverslag vermeld.

Verwys na bladsy 43 tot 45 van die Ouditeur-Generaal se verslag, as Deel E: Finansiële Inligting gepubliseer.

# 3 OORSIG VAN OPENBARE ENTITEIT SE PRESTASIE

### 3.1 Diensleweringsomgewing

EWK se kantore is geleë op die 3de Vloer, Protea Versekeringsgebou, Groentemarkplein, Kaapstad. Die kantoor voorsien 'n maklik toeganklike toonbank vir kliënte wat aansoeke daar inhandig en raad en ander inligting van professionele personeellede ontvang.

EWK het 'n personeelkomponent van 17 lede met 'n wye reeks professionele en administratiewe vaardighede wat die organisasie se werk vergemaklik. Personeellede ontvang voortgaande steun in hul werk van Raadskomiteelede wat senior deskundiges in die erfenisbewaringsektor is. Finansiële steundienste word deur die Departement van Kultuursake en Sport se personeel aan die entiteit verleen.

Gedurende die jaar is die organisasie vir vier maande deur 'n vrywilliger ondersteun, 'n argitek wat professionele ervaring op die gebied van erfenisbewaring wou opdoen.

Die take van die organisasie word bestuur deur 'n raad van 12 lede wat spesialiste is op die gebiede van argitektuur, stads- en streeksbeplanning, argeologie, maatskaplike geskiedenis en die reg. Die dienstermyn van die huidige Raad en die komitees verstryk aan die einde van Julie 2013.

**Prosessering van aansoeke**

Terwyl die WNEH voorsiening maak vir 'n verskeidenheid aktiwiteite om deur 'n provinsiale erfenishulpbrongesag onderneem te word, bestaan die meeste van EWK se werk uit die verwerking van aansoeke ingevolge die bepalings van Hoofstuk II van die Wet. In 2012/13 het die aantal aansoeke wat ontvang is, altesaam 2 092 beloop, vir die eerste keer in EWK se 10-jarige bestaan meer as 2 000. In 2012/13 is daar 260 meer aansoeke ontvang en verwerk as in 2011/12, wat op 'n jaar-op-jaar groei van 14.2% dui.

| **Aantal aansoeke ontvang en verwerk** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Artikel in WNEH** | **Apr.** | **Mei** | **Jun.** | **Jul.** | **Aug.** | **Sep.** | **Okt.** | **Nov.** | **Des.** | **Jan.** | **Feb.** | **Mrt.** | **Totaal** |
| Artikel 27 provinsiale erfenisterreine | 3 | 14 | 5 | 4 | 8 | 3 | 5 | 3 | 1 | 1 | 4 | 4 | **55** |
| Artikel 31 Erfenisterreine | 1 | 1 | 0 | 1 | 2 | 0 | 4 | 1 | 0 | 1 | 2 | 0 | **13** |
| Artikel 34 Wysiginge en aanbouiings | 58 | 98 | 110 | 97 | 93 | 91 | 95 | 112 | 90 | 75 | 81 | 59 | **1 059** |
| Artikel 34 Volkome vernietiging | 6 | 73 | 15 | 8 | 5 | 7 | 5 | 8 | 6 | 6 | 3 | 5 | **147** |
| Artikel 38(1) KVOs | 23 | 42 | 52 | 58 | 31 | 34 | 30 | 23 | 22 | 24 | 31 | 28 | **398** |
| Artikel 38(8) EIAs | 9 | 15 | 19 | 11 | 2 | 9 | 5 | 14 | 4 | 3 | 2 | 3 | **96** |
| Artikel 38(8)BAVs en BIDs | 8 | 11 | 9 | 8 | 13 | 7 | 8 | 5 | 5 | 6 | 10 | 7 | **97** |

| Aantal aansoeke ontvang en verwerk | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Artikel in WNEH** | **Apr.** | **Mei** | **Jun.** | **Jul.** | **Aug.** | **Sep.** | **Okt.** | **Nov.** | **Des.** | **Jan.** | **Feb.** | **Mrt.** | **Totaal** |
| Artikel 38(8) EIAs | 3 | 5 | 2 | 5 | 2 | 6 | 3 | 6 | 7 | 1 | 1 | 1 | **42** |
| Artikel 38(8) Mynbou | 4 | 8 | 10 | 5 | 7 | 3 | 13 | 9 | 10 | 5 | 6 | 33 | **113** |
| Artikel 38(8) GGBO | 2 | 2 | 5 | 3 | 1 | 5 | 3 | 4 | 3 | 4 | 3 | 2 | **37** |
| Argeologiese verslae | 1 | 0 | 5 | 1 | 1 | 3 | 1 | 2 | 0 | 1 | 1 | 0 | **16** |
| BBPe | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 2 | 1 | 0 | 0 | 0 | **4** |
| Erfenisverklarings | 2 | 0 | 4 | 0 | 1 | 3 | 1 | 2 | 1 | 0 | 1 | 0 | **15** |
| **Totaal** | **120** | **269** | **236** | **201** | **166** | **171** | **174** | **191** | **150** | **127** | **145** | **142** | **2 092** |

| Beboude Omgewings en Landskappe Komitee (BELKom) | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Artikel in WNEH** | **Apr.** | **Mei** | **Jun.** | **Jul.** | **Aug.** | **Sep.** | **Okt.** | **Nov.** | **Des.** | **Jan.** | **Feb.** | **Mrt.** | **Totaal** |
| Artikel 27 Provinsiale Erfenisterreine | 6 | 5 | 8 | 15 | 6 | 6 | 1 | 7 | 6 | 4 | 5 | 3 | **72** |
| Artikel 34 Wysigings en aanbouiings | 5 | 9 | 3 | 8 | 10 | 4 | 3 | 5 | 1 | 2 | 7 | 3 | **60** |
| Artikel 34 Totale vernietiging | 1 | 3 | 3 | 3 | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 | 5 | 2 | 3 | **24** |
| **Totaal** | **12** | **17** | **14** | **26** | **16** | **11** | **5** | **13** | **8** | **11** | **14** | **9** | **156** |

| Impakassesseringshersieningskomitee (IAK) | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Artikel in WNEH** | **Apr.** | **Mei** | **Jun.** | **Jul.** | **Aug.** | **Sep.** | **Okt.** | **Nov.** | **Des.** | **Jan.** | **Feb.** | **Mrt.** | **Totaal** |
| Artikel 38(1) KVOs | 0 | 0 | 0 | 0 | 3 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | **5** |
| Artikel 38(4) RVBe | 3 | 1 | 3 | 4 | 1 | 3 | 5 | 11 | 3 | 2 | 1 | 3 | **40** |
| Artikel 38(8) Kommentare | 6 | 16 | 9 | 10 | 13 | 8 | 5 | 6 | 7 | 10 | 7 | 7 | **104** |
| **Totaal** | **9** | **17** | **12** | **14** | **17** | **11** | **10** | **17** | **10** | **12** | **8** | **12** | **149** |

| Argeologie, Paleontologie en Meteoriete-komitee (APM) | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Artikel in WNEH** | **Apr.** | **Mei** | **Jun.** | **Jul.** | **Aug.** | **Sep.** | **Okt.** | **Nov.** | **Des.** | **Jan.** | **Feb.** | **Mrt.** | **Totaal** |
| Artikel 27 Provinsiale Erfenisterreine | 3 | 5 | 4 | 2 | 4 | 5 | 7 | 8 | 5 | 4 | 4 | 4 | **55** |
| Artikel 35 Argeologie-permitte | 7 | 7 | 3 | 0 | 7 | 8 | 5 | 7 | 8 | 4 | 8 | 9 | **73** |
| **Totaal** | **10** | **12** | **7** | **2** | **11** | **13** | **12** | **15** | **13** | **8** | **12** | **13** | **128** |

| Appèlkomitee | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Artikel in WNEH** | **Apr.** | **Mei** | **Jun.** | **Jul.** | **Aug.** | **Sep.** | **Okt.** | **Nov.** | **Des.** | **Jan.** | **Feb.** | **Mrt.** | **Totaal** |
| **Alle artikels** | **3** | **5** | **4** | **2** | **4** | **5** | **7** | **8** | **5** | **4** | **4** | **4** | **55** |

***Appèlsake***

Tydens die oorsigjaar is nege appèlle deur die Appèlkomitee aangehoor:

1. Voorgestelde Muur van Herinnering, Erf 1586, Toringkerk, h/v Hoof- en Van der Lingenstrate, Paarl.
2. Voorgestelde totale vernietiging, Erf 412, h/v La Provence- en Stiebeuelstrate, Groendal, Franschhoek.
3. Voorgestelde totale vernietiging, Erf 248, Queensweg 10, Seepunt.
4. Voorgestelde hernuwing en restourering, Erf 28002, The Old Miller's House, De Meule, Avenueweg, Mowbray.
5. Voorgestelde onderverdeling en konsolidasie, Erf 9794 en oorblywende gedeelte van Erf 10829, Steenbergplaas, Constantia - Artikel 38.
6. Verwydering van ongemagtigde afdak aan die voorkant van Alphen Landgoed Heerhuis, Erf 337, Constantia – Artikel 27.
7. Voorgestelde aanbouing, Erf 162892, Osbornestraat 18, Zonnebloem.
8. Voorgestelde ontwikkeling, 5 wooneenhede en 1 industriële fasiliteit op die oorblywende gedeelte van Erf 65 en gedeelte 4 van die plaas Verlorenvlei nr. 8, Elandsbaai.
9. Voorgestelde privaat mediese fasiliteit, Erven 714 en 715, h/v Barrie- en Davidsonstrate, George.

**Oorweging van inventarisse van die nasionale batelys**

Op bedryfsvlak word die inagname van inventarisse van die nasionale batelys al hoe belangriker. Dit word deur munisipaliteite of ander entiteite voorgelê en bestaan uit 'n peiling van die erfenishulpbronne van 'n gedefinieerde geografiese gebied en tipe. Tot op datum het EWK met die inventarisse wat ontvang is, hoofsaaklik gefokus op argitektoniese en landskapserfenis en was dit óf vir 'n volledige munisipale gebied óf vir 'n dorp.

In Augustus 2012 was die inventaris wat deur die Prins Albert Erfenisstigting voorgelê is, 'n oorsig van die argitektoniese erfenis van die dorp Prins Albert, die eerste om deur EWK aanvaar te word. Die tweede was 'n inventaris vir die Overstrand Munisipaliteit.

Drakenstein- en George-munisipaliteite het ook inventarisse voorgelê, waarop kommentaar gelewer is en wysigings word afgewag. Wysigings aan die Swartland Munisipale inventaris, in 2011 voorgelê, word ook afgewag.

Daar was gereelde skakeling met die Stad Kaapstad ten opsigte van die hersiening van hulle inventaris, spesifiek om te besluit hoe graderings wat voor die bekendstelling van die huidige nasionale standaarde in werking was, toegepas moet word. Die Stad het 'n drie-jarige oorsigprogram geloods om die sowat 25 000 persele wat reeds onder stadsjurisdiksie val, te hersien.

Aan die einde van die oorsigjaar, word Stellenbosch Munisipaliteit se inventaris verwag.

Daar is 'n aantal redes waarom die voorlegging van inventarisse so belangrik is. Hulle vorm die basis vir identifikasie van persele wat ingevolge Deel 1 van Hoofstuk II van die WNEH en die gradering van terreine amptelike beskerming benodig. Dit verskaf beter begrip oor die relatiewe waarde van erfenishulpbronne aan EWK en plaaslike regeringsliggame. Met betrekking tot laasgenoemde, het die voorlegging van inventarisse die organisasie grootliks gehelp om hul diensleweringsteiken vir die gradering van voormalige nasionale monumente na te kom en om die monumente duidelik te merk met kentekens wat hul status as provinsiale erfenisterreine aandui.

Die belangrikste oogmerk van 'n inventaris is om die teenwoordigheid van erfenishulpbronne in die fisiese ruimte aan te dui. Dit lewer 'n beduidende bydrae tot die vermindering van potensiële konflik tussen ontwikkelingsbeplanners en die erfenishulpbrongesagsliggame. Dit ondersteun beplanners om waar moontlik erfenishulpbronne tot voordeel van hul projekte aan te wend. Inventarisse word dus van onskatbare waarde vir die oplos van spanning tussen die behoefte aan erfenisbewaring en die behoefte aan ontwikkeling.

**Ander aktiwiteite waarby plaaslike regering betrokke is**

Gedurende die oorsigjaar is ten opsigte van die veelbesproke afwenteling van magte ingevolge die WNEH na die Stad Kaapstad belangrike vooruitgang gemaak. Hierdie skakeling het onder meer besprekings van ooreenkomste oor die erkenning van bevoegdheid en afwenteling van magte ingesluit, asook die wyses waarop die nuwe munisipale soneringskema gedurende die oorsigjaar die verantwoordelikhede van 'n munisipaliteit sal aanspreek. Groot vordering is ten opsigte van die veelbesproke devolusie van magte ingevolge die WNEH aan die Stad Kaapstad gemaak. Tydens vergaderings is die ooreenkomste oor die erkenning van bevoegdheid en delegering van magte bespreek, asook die impak wat die nuwe munisipale soneringskema op die munisipaliteit se wetlike verantwoordelikhede sal hê. Op 28 Februarie 2013 het Kaapstad die eerste munisipaliteit geword om erken te word as bevoeg om funksies uit te voer ingevolge die Wet op Erfenishulpbronne en teen die einde van die boekjaar was 'n ooreenkoms oor die toewysing van magte naby voltooiing. Konsensus is bereik oor die hantering van erfenishulpbronsake in die soneringskema.

In Februarie 2013 het die Raad ook oorweging geskenk aan en kommentaar gelewer op 'n konsep van 'n voorgestelde verordening vir Knysna waarin maatreëls vervat word om die munisipaliteit toe te laat om sekere erfenishulpbronne te bestuur. Voorlopige informele gesprekke het ook plaasgevind met beamptes van die Overstrand- en Drakenstein-munisipaliteite oor hoe hulle magte kan verkry om sekere aspekte van die nasionale batelys in hulle jurisdiksiegebiede te bestuur.

**Erfenismaand – 'Wiki Loves Monuments' projek**

In September 2012 het EWK, as hul projek vir Erfenismaand, aktiwiteite geborg wat verband hou met die 'Wiki Loves Monuments' projek in die Wes-Kaap. Oor die afgelope drie jaar sedert hul ontstaan, het hierdie Wikipedia-inisiatief die grootste fotografiese kompetisie in die wêreld geword met 350 000 foto's van erfenisterreine regoor die wêreld. Die aanwend van die internet en selfoontegnologie maak dit aanloklik vir die jeug en betrek hulle in 'n projek om 'n rekord van erfenisterreine saam te stel wat van onskatbare waarde vir erfenisowerhede is. Foto's van twee terreine in die Wes-Kaap het die eerste en derde plekke in die Suid-Afrikaanse deel van die kompetisie behaal.

Die wenfoto deur die Wes-Kaapse amateurfotograaf Wim Filmalter is op die buiteblad van hierdie Jaarverslag en die foto wat die derde plek behaal het, is geneem deur die voormalige EWK-personeellid, Chris Snelling, nou 'n professionele fotograaf.



*Swartbergpas - provinsiale erfenisterrein (Foto: Chris Snelling)* *Vergunning: Wiki Commons*

## 3.2 Organisatoriese omgewing

### Tiende herdenking

Gedurende 2012/13 het EWK hul 10de bestaansjaar gevier. Die viering het met die vergunning van ons susterorganisasie, Iziko Museums van Kaapstad, by die Rust en Vreugd provinsiale erfenisterrein plaasgevind.

### Digitalisering

Die voortgaande Uitgebreide Openbare Werke Program (UOWP)-befondste projek om die rekords van EWK en hul voorgangers te digitaliseer, het met die digitalisering van al die voorleggings wat nog nie in elektroniese vorm was nie en die skandering van 1 670 bestaande lêers gevorder. Hierdie rekords is nog nie toeganklik nie omdat die hulpbronne om die databasis op te stel nog nie in die oorsigtydperk beskikbaar was nie. EWK het SAEHA geraadpleeg oor die moontlikheid van samewerking aan hulle 'SAEHI' (Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronne-inligtingstelsel)-projek, en teen die einde van die oorsigjaar het hierdie moontlikheid nog oorweging geniet. Samewerking met die provinsiale museumdiens aan 'n digitale stelsel was 'n veel beter opsie en daarvoor is in die begroting voorsien. Digitalisering bied die moontlikheid van maklike toegang tot erfenisterreinrekords en sal die onnodige duplisering van hardekopie-dokumentasie uit die weg ruim.

### Webwerf

EWK gebruik die webwerf van die Departement van Kultuursake en Sport. Tydens die oorsigjaar is baie gedoen om die webwerf se inhoud meer gebruikersvriendelik te maak en die wyse waarop notules en agendas georganiseer is, is verbeter sodat die verband tussen inhoud en struktuur duidelik is. Vanaf Januarie 2013 is die weeklikse rekord met besluite oor aansoeke ook op die webwerf geplaas.

In Maart 2012 het EWK hul eie webwerf, www.hwc.org.za, geregistreer. Gebruikers van die webwerf word outomaties na die EWK-bladsy op die DKES-webwerf herlei. 'n Vrystaande EWK-webwerf word beplan om toegang tot meer inligting as net die EWK-vergaderingsnotule en beleidsdokumente te verleen.

**EWK en die 'Groen Ekonomie'**

Die Raad en personeel van EWK wou al lankal 'n meer omgewingsvriendelike volhoubare werksbenadering toepas. Die onmiddellike fokus was op die volume papier wat jaarliks deur die organisasie ontvang word (ongeveer een ton papier per jaar) en die verspreiding daarvan aan EWK-lede, dikwels ver van die organisasie se kantore. Sedert mid-2012 is stappe in werking gestel om van papier weg te beweeg en dokumentasie in digitale vorm te versprei. Teen die einde van die oorsigjaar het die Raad en al die komitees die meeste dokumentasie in hierdie vorm ontvang. Die beweging na meer elektroniese dokumentasie sal die hoeveelheid inligting wat deur aansoekers in hardekopie voorgelê moet word, aansienlik verminder.

Erfenis Wes-Kaap het 'n beduidende bydrae tot 'n multidissiplinêre span se verslag oor die ontwikkeling van 'n Wes-Kaapse skaliegasstrategie gelewer. Dit het insette gelewer oor die moontlike impak op erfenishulpbronne indien skaliegas-ontginning in die provinsie toegelaat word.

**Herorganisasie van komitees**

Gedurende die jaar het die EWK-raad 'n nuwe komitee geskep: die Inventarisse-, Graderings- en Vertolkingskomitee wat drie komitees vervang het wat inventarisse en peilings geassesseer het, voorstelle oor die inwerkingstelling van amptelike beskerming gemaak het, en erfenishulpbronne vertolk het. Die voorsitter is dr. Matilda Burden, voormalige voorsitter van die Verklaringsoorsigkomitee.

## 3.3 Kernbeleidsontwikkelings en wetgewende veranderinge

**Beleidsontwikkeling**

Die Raad en die HUB van EWK beskou beleidsontwikkeling as 'n prioriteit om te verseker dat daar so ver as moontlik eenvormigheid is in die toepassing van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne. Duidelike beleid sal riglyne verskaf oor hoe EWK op aansoeke sal reageer. Verskeie beleidsdokumente is gedurende die oorsigjaar ontwikkel.

***Riglyne en beleidsverklaring oor die gradering van erfenishulpbronne***

Op 30 Mei 2012 het die EWK-raad 'n klein maar belangrike wysiging aan die 'Riglyne vir Gradering' aangebring, deur 'n beleidsverklaring in te voeg waarvolgens alle organe van die organisasie erfenishulpbronne moet gradeer voordat enige besluit rakende hulle toekoms gemaak word. Gevolglik word graderings as die basis vir EWK-komitees se besluite opgeteken en is die betekenis van erfenis baie meer sentraal in die gesprekvoering en debat oor aansoeke wat aan EWK voorgelê word.

***Beleid vir die aandui van beskermde terreine***

Op 29 Augustus 2012 het die Raad 'n beleid vir die oprig van kentekens by terreine wat amptelik beskerm word, aanvaar. Dit het gelei tot die implementering van die nuwe kentekens om provinsiale erfenisterreine aan te dui, soos in die Jaarlikse Prestasieplan voorgestel.

***Prosedure vir die gradering van voormalige nasionale monumente***

Op 29 Augustus 2012 het die Raad ook 'n stelsel goedgekeur vir die gradering van terreine wat onder vorige wetgewing bekend was as "nasionale monumente" en wat volgens die huidige wetgewing gegradeer en amptelik beskerm moet word. Die aanvaarding van die prosedure was nodig om 'n graderingsteiken in die Jaarlikse Prestasieplan te behaal.

***Beleid oor die toepassing van professionele standaarde***

Op 28 Februarie 2013 het die Raad 'n beleid goedgekeur ten opsigte van die minimum standaarde van professionele kundigheid wat vir projekte met betrekking tot erfenishulpbronne vereis word.

***Wysiging van opdragte***

Op 29 Augustus 2012 het die Raad hulle opdragte aan die personeel van die organisasie gewysig om hulle in staat te stel om erfenisimpakassesserings te verwerk. Hierdie wysiging is spesifiek gemaak om personeel in staat te stel om administratiewe funksies te verrig ten opsigte van nie-kontroversiële sake wat betrekking het op mini-steengroewe vir die instandhouding van paaie. Talle sodanige aansoeke word aan EWK voorgelê, en die meeste word op 'n roetine-grondslag hanteer.

**Regsake**

Terwyl daar geen wysigings aan wetgewing of regulasies was nie, is talle regsmenings ten opsigte van die vertolking van die WNEH aangevra. Hierdie menings het EWK gehelp om hulle benadering tot gebiede waar daar onsekerheid was, op te klaar en dit was vir aansoekers nuttig met die voorbereiding van hul voorleggings. Soms moes EWK hul regsmagte aanwend om wat as onwettige werk geag is, te halt en sommige hofsake was aan die einde van die oorsigjaar nog nie afgehandel nie. Die belangrike sake word hieronder in groter besonderhede bespreek.

***Regsmening oor ex post facto aansoeke***

EWK ontvang elke jaar 'n aantal aansoeke vir ex post facto goedkeuring van werk waarmee reeds begin is of wat afgehandel is. In Junie 2012 is vasgestel dat die toepaslike regulasie van die WNEH nie vir Erfenis Wes-Kaap toelaat om sodanige aansoeke te oorweeg nie. Gevolglik hersien EWK nou sulke werk en oorweeg of regsaksie ten opsigte van onwettige werk geneem moet word.

***Regsmening oor watter sake aan appèl onderwerp kan word***

Lede van die publiek het met EWK oor die reg tot appèl verskil. Verskeie kommentare is ingevolge die WNEH en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998) gelewer en op tye wanneer die organisasie gevra is om 'n mening uit te spreek. Daar was ook onsekerheid ten opsigte van die omstandighede waaronder 'n appèl direk teen die Minister van Kultuursake en Sport gerig kon word, sonder dat dit via die EWK Appèlkomitee gerig word. 'n Regsmening wat in Oktober 2012 aangevra is, het getoon dat daar nie teen kommentaar van EWK geappèlleer kan word nie en dat, in die geval van artikel 38 van die WNEH, 'n appèl deur 'n aansoeker ingedien, direk aan die Minister gerig word.

***Periode toelaatbaar vir die verwerking van 'n appèl***

Daar was al vir geruime tyd 'n debat of 'n bepaling in die regulasies wat van EWK vereis om 'n appèl binne 21 werksdae te "oorweeg", beteken het dat die appèlproses nie binne daardie periode voltrek moet word nie. Die saak is voor 'n sitting van die Ministeriële Tribunaal as 'n punt *in limine* geopper, aangesien die bedoeling nie was dat die appèl binne 21 werksdae afgehandel moet word nie.

***Onwettige vernietiging by Mamre Sendingstasie***

Hierdie saak is voltrek met die eienaar wat opdrag gegee is om die vernietigde struktuur te herbou.

***Klein Konstantia, Paarl***

Hierdie saak het betrekking op werk wat na bewering in stryd met die EWK se permitbepalings by 'n provinsiale erfenisterrein gedoen is. Die saak het op 7 Februarie 2013 voor die Paarl se Magistraatshof gedien en is tot April 2013 uitgestel.

**Opdragte om werk te staak**

EWK beskik oor die magte om projekwerk te staak in gevalle waar dit van mening is dat die werk buite die jurisdiksie van die WNEH uitgevoer word. Gedurende die oorsigjaar is nege opdragte om werk te staak by 'n aantal terreine uitgereik.

### 3.4 Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

Vestiging en instandhouding van 'n geïntegreerde erfenishulpbronbestuurstelsel in die Wes-Kaap.

# 4 PRESTASIE-INLIGTING

**Strategiese doelwit**: Vestiging en instandhouding van 'n geïntegreerde erfenishulpbronbestuurstelsel in die Wes-Kaap.

| Strategiese doelwitte | Werklike prestasie 2011/ 2012 | Beplande teiken 2012/ 2013 | Werklike prestasie 2012/ 2013 | Afwyking van beplande teiken 2012/ 2013 | Kommentaar op afwyking |
|---|---|---|---|---|---|
| Vestiging en instandhouding van 'n geïntegreerde erfenishulpbronbestuurstelsel in die Wes-Kaap. | 317 | 828 | 2469 | 1 641 | Verwys na kommentaar hieronder |

### *Hoofprestasie-aanduiders, beplande teikens en werklike prestasies*

| Prestasie-aanduider | Werklike prestasie 2011/ 2012 | Beplande teiken 2012/ 2013 | Werklike prestasie 2012/ 2013 | Afwyking van beplande teiken vir 2012/2013 | Kommentaar op afwyking |
|---|---|---|---|---|---|
| Implementeer beleid op die toedeling van magte aan plaaslike owerhede (Moniteer plaaslike owerhede wat magte aanvaar het) | - | 1 | 1 | - | - |
| Hou provinsiale hulpbrondatabasis in stand en brei dit uit | - | 1 | 1 | - | - |
| Rig kentekens op vir die identifikasie van provinsiale erfenisterreine | - | 50 | 51 | 1 | Nog een is opgerig by Leeuwenhof, die amptelike woning van die Premier van die Wes-Kaap |
| Registreer bewaringsliggame | - | 5 | 12 | 7 | Nuwe aansoeke is in November 2012 ontvang vir oorweging deur die EWK-raad |
| Prosesseer aansoeke ingevolge die WNEH gemaak | - | 500 | 2 092 | 1 592 | Die syfer in die JPP as beplande uitset was met die verwagting dat die devolusie van magte aan die Stad Kaapstad gefinaliseer sou wees en dat die werkslading minder sou wees |
| Implementeer die WNEH via geskeduleerde vergaderings van die Raad en die komitees | 64 | 64 | 64 | - | - |
| Publiseer Jaarverslag van Erfenis Wes-Kaap | 1 | 1 | 1 | - | - |

| **Prestasie-aanduider** | **Werklike prestasie 2011/ 2012** | **Beplande teiken 2012/ 2013** | **Werklike prestasie 2012/ 2013** | **Afwyking van beplande teiken vir 2012/2013** | Kommentaar op afwyking |
|---|---|---|---|---|---|
| Hergradeer huidige provinsiale erfenisterreine | - | 200 | 242 | 42 | Die Drakenstein-peiling is ontvang met meer as 100 terreine wat gegradeer moet word |
| Stel minimum standaarde vir erfenispraktisyns | - | 1 | 1 | - | - |
| Produksie van promosiemateriaal en programme om bestuur van erfenishulpbronne te bevorder | | 2 | 2 | - | - |
| Loods vakansieprogram by MGO-sentrums | | 2 | 2 | - | - |
| Publiseer regulasie om implementering van artikel 38 van die WNEH te verduidelik | | 1 | 0 | 1 | Na die volgende boekjaar oorgedra |

***Implementeer beleid oor die toewysing van magte aan plaaslike regerings (Moniteer plaaslike owerhede wat magte aanvaar het)***

In 2009 het EWK 'n beleid oor die toewysing van magte aan plaaslike owerhede ontwikkel. Ingevolge die WNEH behels die proses van dewolusie dat plaaslike owerhede eers vir bevoegdheid deur die toepaslike erfenisgesag geassesseer moet word. 'n Kerngebied van assessering is die beskikbaarheid van professionele, bedryfs- en ander toepaslike hulpbronne en infrastruktuur om die kritiese verantwoordelikheid van erfenishulpbronbestuur uit te oefen. Die beleid is vir oorweging en implementering aan alle munisipaliteite versprei. Die Stad Kaapstad was die eerste om assessering deur EWK te versoek en sedert 2011 was EWK en die Stad Kaapstad betrokke in gesprekke oor die proses. Die proses het veel langer geneem om te finaliseer as wat voorspel is, hoofsaaklik vanweë die feit dat dit die eerste keer is dat magstoewysing aan 'n munisipaliteit ingevolge die WNEH oorweeg is en daar was geen voorbeeld om te volg nie. Teen die einde van die boekjaar is daar ooreengekom oor bevoegdheid, die noodsaaklike eerste stap na magstoewysing, en 'n konsepooreenkoms oor die toewysing van magte nader voltooiing.

Afgesien van Kaapstad, is die inventarisse van die Drakenstein, Overstrand, Swartland, George en Prince Albert-munisipaliteite aan EWK vir oorweging voorgelê. Voorlegging van 'n inventaris is 'n voorvereiste vir die oorweging van magstoewysing.

***Hou provinsiale hulpbrondatabasis in stand en brei dit uit***

Teen die begin van 2012 het EWK 'n nuwe protokoldokument bekend gestel om personeel te lei en 'n meer stelselmatige en doeltreffende wyse om aansoeke te verwerk, te voorsien. Die doel van hierdie dokument is om personeel aan te moedig om slimmer en meer doeltreffend te werk om dienslewering te bevorder. Hierdie benadering sluit onder meer in die geleidelike wegbeweeg van papierdokumentasie en 'n groter fokus op elektroniese dokumentasie van erfenisdata. Dit is 'n professionele erfenishulpbronbestuursinstrument en in pas met die globale werkswyse. Elektroniese data word bewaar sodat dit in 'n databasis opgeneem kan word. Die Uitgebreide Openbare Werke Program het EWK verder in staat gestel om data op te bou met nuwe en bestaande rekord wat gedigitaliseer en tot die databasis bygevoeg word.

***Rig kentekens op vir die identifikasie van provinsiale erfenisterreine***

Op 18 April 2012 het EWK hulle nuwe kenteken om provinsiale erfenisterreine aan te dui, bekend gestel. Dit is by Leeuwenhof, die amptelike woning van die Wes-Kaapse Premier, gedoen. Daarna is 'n totaal van 51 kentekens op terreine in Kaapstad, Paarl en Prince Albert opgerig.

***Registreer bewaringsliggame***

Vanweë beleidshersiening, is geen nuwe bewaringsliggame in 2011/12 geregistreer nie. 'n Besluit is geneem om registrasies te hervat ondanks die feit dat nuwe registrasieregulasies nog nie gefinaliseer is nie. Dit is onder die bestaande regulatoriese raamwerk gedoen. Die volgende liggame is gedurende 2012/13 by die EWK geregistreer:

- Duiwenhoks Bewaringsliggaam;
- Muizenberg Historiese Bewaringsvereniging;
- Tulbagh Erfenisstigting;
- Stadskom Belastingbetalers en Inwoners Vereniging ('CIBRA');
- Captrust;
- Habitatraad;
- Victoria en Alfred Marina Woonhuiseienaarsvereniging;
- Docomomo Suid-Afrika;
- Oudtshoorn Erfenis;
- Kommetjie Erfenisvereniging;
- Kalkbaai en St James Belastingbetalers- en Inwonersvereniging; en
- Vriende van die Constantia-vallei Groengordels.

***Verwerk aansoeke ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne***

Die syfer van 500 as 'n teiken in die Jaarprestasieplan aangedui, is aangebied met die verwagting dat die afwenteling van magte na die Stad Kaapstad teen Junie 2012 gefinaliseer sou wees en dat dit 'n aansienlike vermindering in EWK se werkslas sou meebring. Hierdie aanname is gemaak op grond van die vorderingspeil in 2011. Ongelukkig is die proses gekniehalter deur onvoorsiene, maar belangrike tegniese sake en EWK het voortgegaan om aansoeke uit die Stad Kaapstad vir die volledige boekjaar te verwerk. Afgesien van natuurlike groei en sporadiese herlewing van die boubedryf uit die resessie, is baie meer aansoeke ontvang as wat verwag is. (Sien gedetailleerde ontleding op bladsye 12 – 14).

***Implementeer die WNEH via geskeduleerde vergaderings van die Raad en die komitees***

'n Gedetailleerde tabel van die vergaderings verskyn onder Komitees op bladsye 31 – 32.

***Publiseer Jaarverslag vir Erfenis Wes-Kaap***

Die Jaarverslag vir die boekjaar 2011/12 is opgestel en teen die einde van Augustus 2012 aan die Provinsiale Tesourie en die Staande Komitee op Kultuursake en Sport voorgelê.

***Publiseer regulasies om implementering van artikel 38 van die WNEH te omskryf***

EWK-personeel en komitees het dit moeilik gevind om artikel 38 van die WNEH te vertolk en te implementeer. EWK beoog om dit te korrigeer deur regulasies te ontwikkel en te publiseer om die implementering van artikel 38 te omskryf. Dit is 'n groot projek en as gevolg van personeel en bestuur wat aktief betrokke is in die verwerking van aansoeke uit die Stad Kaapstad en voortgaande, ingewikkelde onderhandelinge oor die afwenteling van magte na die Stad, was daar nie tyd om met hierdie projek te begin nie.

***Hergradeer voormalige provinsiale erfenisterreine***

Gradering van voormalige nasionale monumente, soos vereis deur die WNEH, het suksesvol verloop in die oorsigperiode. Daar is ongeveer 2 500 persele wat gradering vereis, waarvan 242 reeds gedoen is. Hulle is in die Stad Kaapstad en die Drakenstein-, Overstrand-, Sederberg- en Prince Albert-munisipaliteite gebaseer. Die proses behels perseelbesoeke en digitale assesserings van inventarisse.

***Stel minimumstandaarde vir erfenispraktisyns***

Na afloop van 'n werksessie met verteenwoordigers van professionele erfenisliggame, is 'n beleid deur die Raad ontwikkel en goedgekeur wat minimumstandaarde stel waaronder professionele kundigheid deur EWK vereis kan word om op beskermde terreine te werk.

***Produksie van promosiemateriaal en programme om bestuur van erfenishulpbronne te bevorder***

Promosiemateriaal om die tiende herdenking van EWK te vier - liniale, datadraers, drasakke en tentvormige kalenders - is geproduseer en aan lede van die Raad, bewaringsliggame en erfenisbelanghebbendes versprei.

***Die loods van 'n vakansieprogram by MGO-sentrums***

Argeologie en paleontologie bly skaars vaardighede in erfenishulpbronbestuur en die nakoming van indiensnemingsgelykheidsvoorskrifte maak die vul van poste op hierdie gebied baie moeilik. Gedeeltelik in die hoop om meer jongmense na hierdie vakterreine te lok en ook om tot die Departement van Kultuursake en Sport se naskoolse program vir leerders bekend as die MGO [Massa-deelname; Geleentheid en Toegang; Ontwikkeling en Groei] sentrumprogram by te dra, het EWK vir hoërskoolleerders 'n uitreikprogram in argeologie en paleontologie begin. Twee loodsprogramme is by Hoërskool Houtbaai se MGO-sentrum aangebied. Die teikengroep was die Graad 11-leerders van 2012 wat in 2013 as Graad 12s die program voortgesit het. Die hoogtepunt van die inisiatief was die werkswinkel oor die verwydering van graffiti by 'n rotskunsterrein in Peer's Cave naby Houtbaai. EWK spreek hul dank uit teenoor al die argeologie- en paleontologie-deskundiges in Kaapstad wat hul tyd vrywilliglik opgeoffer het om hul kennis op so 'n verrykende wyse aan die leerders oor te dra.

***<u>Strategie om gebiede van onderprestasie te bowe te kom</u>***

Een prestasie-teiken is nie behaal nie, d.i. "Publiseer regulasies om implementering van artikel 38 van die WNEH te omskryf". Hopelik kan hierdie behoefte aangespreek word sodra die magte aan die Stad Kaapstad oorgedra is en die personeel en bestuur oor meer tyd beskik om die saak te behartig.

***<u>Veranderinge aan beplande teikens</u>***

Geen teikens is in die loop van die jaar verander nie.

***<u>Koppeling van prestasie met begrotings</u>***

In vergelyking met die assessering van die uitsetprestasie, moet beplande teikens direk aan die finansiële inligting in die JPP vir 2012/2013 gekoppel word.

# 5 OPSOMMING VAN FINANSIËLE INLIGTING

### Inkomste-invordering

| Bronne van inkomste | 2012/2013 | | | 2011/2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Beraming R'000 | Werklike bedrag ingevorder R'000 | (Oor-)/ onder-invordering R'000 | Beraming R'000 | Werklike bedrag ingevorder R'000 | (Oor)/ onder-invordering R'000 |
| **Oordragsbetaling** | 1 452 | 1 452 | 0 | 1 380 | 1 380 | 0 |
| **Ander inkomste** | 76 | 126 | (50) | 648 | 122 | (526) |
| **Totaal** | **1 528** | **1 578** | **(50)** | **2 028** | **1 502** | **(526)** |

### Betalingsuitgawe

| Programnaam | 2012/2013 | | | 2011/2012 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Begroting R'000 | Werklike uitgawe R'000 | (Oor-)/ onder-uitgawe R'000 | Begroting R'000 | Werklike uitgawe R'000 | (Oor-)/ onder-uitgawe R'000 |
| Goedere en dienste | 1 528 | 1 005 | 523 | 2 028 | 879 | 1 149 |
| **Totaal** | **1 528** | **1 005** | **523** | **2 028** | **879** | **1 149** |

### Kapitale beleggings, instandhouding en batebestuursplan

Nie van toepassing nie.

# DEEL C: BESTUUR

## 1. INLEIDING

Korporatiewe bestuur omvat prosesse en stelsels waardeur openbare entiteite gerig, beheer en verantwoordbaar gehou word. Afgesien van die wetgewende vereistes wat gebaseer is op 'n openbare entiteit se bemagtigende wetgewing, word korporatiewe bestuur met betrekking tot openbare entiteite toegepas deur die voorskrifte van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) saam met die beginsels vervat in die King-verslag oor korporatiewe bestuur, 2009 (King III).

Die Parlement, die Uitvoerende Gesag en die Rekenpligtige Gesag van die Openbare Entiteit is vir korporatiewe bestuur verantwoordelik.

## 2. PORTFOLIOKOMITEE

Nie van toepassing nie.

## 3. UITVOERENDE GESAG

Hierdie verslae word kwartaalliks voorgelê om finansiële en nie-finansiële inligting vir die periode te moniteer:

- Kwartaallikse prestasieverslag:
  31 Julie 2012; 31 Oktober 2012; 31Januarie 2013; 30 April 2013

- In-jaar moniteringsverslag:
  31Julie 2012; 31Oktober 2012; 31Januarie 2013; 30 April 2013

## 4. DIE RAAD ERFENIS WES-KAAP

**Inleiding**

Die Raad word saamgestel ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999, en regulasies gepubliseer as Provinsiale Kennisgewing 336 van 25 Oktober 2002.

**Rol van die Raad is as volg**

Die Raad is die besluitnemingsgesag oor beleidsake en alle gebiede van besluitneming wat ingevolge die WNEH nie aan die komitees, personeel of munisipaliteite gedelegeer is nie.

**Raadshandves**

Nie van toepassing nie.

***Samestelling van die Raad Erfenis Wes-Kaap***

| Naam | Amp (ten opsigte van die Openbare Entiteitraadstruktuur) | Datum aangestel | Datum bedank | Kwalifikasies | Gebied van deskundigheid | Raaddirekteurskappe | Ander komitees | Aantal vergaderings bygewoon |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Adv. Roneé Robinson | Voorsitter | Augustus 2010 | - | LLM (Intellektuele eiendom) (University College, London en Unisa) (1997)<br>B.A. Hons. Phil., LLB., B.A. Regte (Universiteit van Johannesburg) (1984-1988) | Erfenisreg en beleidsformulering | Nvt | Uitvoerende Komitee | 8 |

| Naam | Amp (ten opsigte van die Openbare Entiteitraadstruktuur) | Datum aangestel | Datum bedank | Kwalifikasies | Gebied van deskundigheid | Raaddirekteurskappe | Ander komitees | Aantal vergaderings bygewoon |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dr. Stephen Townsend | Lid | Augustus 2010 | - | B.Arch. (Universiteit van Kaapstad) (1978) Diploma in Studie en Restourasie van Monumente (Gelykwaardig aan Meestersgraad) (Universiteit van Rome) (1985) Ph.D. (Universiteit van Kaapstad) (2003) | Erfenisreg, Beleidsformulering, Argitektuur, Kultuurlandskappe, Terreine van nie-tasbare erfenis, Dokumentasie van erfenis en datasbasis, Promosie, vertolking en opvoeding in erfenishulpbronne | Nvt | Uitvoerende Komitee, BOLK, IAK, IGVK en Bobbejaanpunt | 39 |
| Dr. Matilda Burden | Lid | Augustus 2010 | - | Diploma in Burgerlike Verdediging (SA Leër Vrouekollege (1973)B.A (Stellenbosch Universiteit) (1976)B.A-Honneurs(Stellenbosch Universiteit)(1977) M.A. Cum Laude (Stellenbosch Universiteit) (1985) Cum Laude N.D in Argiefwetenskap (Staatsargiefdienste en Kaap Technikon) (1987)D.Phil. (Stellenbosch Universiteit) (1991) | Argitektuur en Kultuurlandskappe, Terreine van nie-tasbare erfenis, Dokumentasie van erfenis en databasis en bevordering, vertolking en opvoeding oor erfenishuipbronne | Nvt | Uitvoerende Komitee, appèlle en IGVK | 17 |
| Me. Laura Robinson | Lid | Augustus 2010 | - | B.Arch.(Universiteit van Kaapstad) (1980) | Erfenis en Beleidsformulering, Argitektuur en Kultuurlandskap, Stads-en Streeksbeplanning, Terreine met nie-tasbare erfenis | Cape Town Partnership | Uitvoerende Komitee, Appèlle en IGVK | 20 |

| Naam | Amp (ten opsigte van die Openbare Entiteitraadstruktuur) | Datum aangestel | Datum bedank | Kwalifikasies | Gebied van deskundigheid | Raaddirekteurskappe | Ander komitees | Aantal vergaderings bygewoon |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Me. Sarah Winter | Lid | Augustus 2010 | - | B.A Argeologie, Antropologie (UK) 1989<br>Meesters in Stads- en Streeksbeplanning (UK) 1995 | Erfenisreg en beleidsformulering, Kultuurlandskappe, Stads- en Streeksbeplanning, Argeologie, Terreine van nie-tasbare erfenis, Dokumentasie van erfenis en databasis | Nvt | Uitvoerende Komitee, BOLK, IAK en Bobbejaanpunt | 37 |
| Me. Sharon de Gois | Lid | Augustus 2010 | Februarie 2013 (uit IACOM) | B.Soc (Universiteit van Vrystaat)(1988) Honneurs - Sielkunde (1986) Meesters in Stads- en Streeksbeplanning (1988)<br>Projekbestuur (Uitvoerende Opvoeding geakkrediteer deur Newport Universiteit) 1998<br>Behuisingsbeleidsontwikkeling en -bestuur(Universiteit van Witwatersrand) 1998 | Stads- en Streeksbeplanning, Argitektuur en Kultuurlandskap | CTHT | Appèlle, IAK en IGVK | 15 |
| Me. Maureen Wolters | Lid | Augustus 2010 | - | BA Argitektuur | Argitektuur, Dokumentasie van erfenis en databasis | Charaprep Holdings | BOLK | 15 |
| Mnr. Roger Joshua | Lid | Augustus 2010 | - | B. Arch.(Universiteit van Kaapstad) (1995) | Argitektuur | Joshua Conrad Argitekte | BOLK, IAK en Bobbejaanpunt | 31 |

| Naam | Amp (ten opsigte van die Openbare Entiteitraadstruktuur) | Datum aangestel | Datum bedank | Kwalifikasies | Gebied van deskundigheid | Raaddirekteurskappe | Ander komitees | Aantal vergaderings bygewoon |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mnr. Patrick Fefeza | Lid | Augustus 2010 | - | BA (Universiteit van die Wes-Kaap) (1997)<br>Diploma in Museum- en Erfenisstudies(UWK)(1999) | Terreine van nie-tasbare erfenis, Bevordering, vertolking en opvoeding oor erfenishulpbronne | Nvt | BOLK en IGVK | 18 |
| Mnr. Floris Brown | Lid | Augustus 2010 | - | Onderwysdiploma | Dokumentasie van erfenis en databasis, Bevordering, interpretasie en opvoeding oor erfenishulpbronne | Nvt | IGVK | 5 |
| Me. Mary Leslie | Lid | | - | M.A. Argeologie | Wetenskaplike en natuurlike erfenis, Erfenisreg en beleidsformulering, en Argeologie, Dokumentasie van erfenis en databasis | Nvt | Uitvoerende Komitee, APMK, IAKOM, IGIK en Bobbejaanpunt | 33 |
| Mnr. Magnus Steenkamp | Lid | Augustus 2010 | - | BA Regte (Universiteit van Kaapstad)<br>LL.B , (Universiteit van Stellenbosch)<br>LL. M, (Universiteit van Kaapstad)<br>Nagraadse diploma in belastingreg (Universiteit van Stellenbosch) | Erfenisreg en beleidsformulering, Stads- en Streeksbeplanning | Nvt | - | 3 |

### *Komitees*

| Komitee | Aantal vergaderings gehou | Aantal lede | Name van lede |
|---|---|---|---|
| Raad | 4 | 12 | Adv. Roneé Robinson (Voorsitter)<br>Dr. Stephen Townsend<br>Dr. Matilda Burden<br>Me. Mary Leslie<br>Me. Laura Robinson<br>Me. Sarah Winter<br>Me. Sharon de Gois<br>Me. Maureen Wolters<br>Mnr. Roger Joshua<br>Mnr. Patrick Fefeza<br>Mnr. Floris Brown<br>Mnr. Magnus Steenkamp |
| Uitvoerende Komitee | 6 | 6 | Adv. Roneé Robinson (Voorsitter)<br>Dr. Matilda Burden<br>Dr. Stephen Townsend<br>Me. Mary Leslie<br>Me. Laura Robinson<br>Me. Sarah Winter |
| BOLK | 12 | 8 | Me. Sarah Winter (Voorsitter)<br>Dr. Stephen Townsend<br>Me. Maureen Wolters<br>Mnr. Roger Joshua<br>Mnr. Patrick Fefeza<br>Me. Melanie Attwell<br>Mnr. Trevor Thorold<br>Mnr. Tim Hart |
| IAK | 12 | 9 | Dr. Stephen Townsend (Voorsitter)<br>Me. Sarah Winter<br>Mnr. Roger Joshua<br>Me. Mary Leslie<br>Mnr. Quinton Lawson<br>Mnr. Richard Summers<br>Mnr. David Hart<br>Mnr. Piet Louw<br>Mnr. David Halkett |
| APMK | 12 | 8 | Me. Mary Leslie (Voorsitter)<br>Mnr. David Halkett<br>Me. Claire Browning<br>Dr. Shadreck Chirikure<br>Me. Colette Scheermeyer<br>Prof. Judy Sealy<br>Dr. Janette Deacon<br>Dr. John Pether |
| Appèlkomitee | 10 | 5 | Me. Laura Robinson (Voorsitter)<br>Dr. Matilda Burden<br>Dr. Nicolas Baumann<br>Dr. Antonia Malan<br>Me. Sharon de Gois |

| Komitee | Aantal vergaderings gehou | Aantal lede | Name van lede |
|---|---|---|---|
| IGVK | 4 | 7 | Dr. Matilda Burden (Voorsitter)<br>Dr. Stephen Townsend<br>Me. Laura Robinson<br>Me. Sharon de Gois<br>Me. Mary Leslie<br>Mnr. Patrick Fefeza<br>Mnr. Floris Brown |
| Bobbejaanpunt | 4 | 6 | Dr. Stephen Townsend (Voorsitter)<br>Me. Sarah Winter<br>Mnr. Roger Joshua<br>Prof. Judy Sealy<br>Dr. Janette Deacon<br>Me. Mary Leslie |

### *Vergoeding van komiteelede*

Die diensvoordeelpakkette vir ampsdraers van sekere statutêre en ander instellings word deur die Minister van Finansies gedefinieer en in 'n Provinsiale Tesourie-omsendbrief beskryf. Die Voorsitter se tarief is R341 per uur, die Ondervoorsitter se tarief is R231 per uur en die tarief vir lede is R195 per uur.

| Naam | Vergoeding | Ander toelaag | Ander vereffenings | Totaal |
|---|---:|---:|---:|---:|
| Ronée Robinson | 17 439.49 | | 0.00 | 17 439.49 |
| Mary Leslie | 36 638.06 | | 8 413.44 | 45 051.50 |
| Laura Robinson | 22 496.68 | | 544.43 | 23 041.11 |
| Stephen Townsend | 67 217.81 | | 2 048.25 | 69 266.06 |
| Matilda Burden | 16 920.33 | | 5 523.25 | 22 443.58 |
| Sharon de Gois | 24 655.89 | | 5 854.12 | 30 510.01 |
| Antonia Malan | 7 432.06 | | 530.64 | 7 962.70 |
| Patrick Fefeza | 26 286.12 | | 0.00 | 26 286.12 |
| Maureen Wolters | 24 001.72 | | 10 599.95 | 34 601.67 |
| Sarah Winter | 62 152.40 | | 2 269.40 | 6 4421.80 |
| Trevor Thorold | 16 566.30 | | 804.70 | 1 7371.00 |
| Dave Halkett | 16 520.21 | | 90.75 | 16 610.96 |
| John Pether | 4 938.56 | | 2 410.71 | 7 349.27 |
| Janette Deacon | 9 408.31 | | 2 863.70 | 1 204.01 |
| Judy Sealy | 3 433.08 | | 0.00 | 3 433.06 |
| Shadrack Chirikure | 2 032.52 | | 0.00 | 2 032.52 |
| Roger Joshua | 51 058.45 | | 2 223.93 | 7 329.38 |
| Piet Louw | 7 338.54 | | 0.00 | 7 338.54 |
| Tim Hart | 12 223.84 | | 1 811.36 | 14 035.20 |
| Nicholas Baumann | 6 723.52 | | 797.17 | 7 520.69 |
| Floris Brown | 8 010.52 | | 0.00 | 8 010.52 |
| Richard Summers | 14 537.30 | | 378.13 | 14 915.43 |
| Magnus Steenkamp | 5 734.00 | | 0.00 | 5 734.00 |
| Quinton Lawson | 21 976.92 | | 4 346.36 | 26 323.28 |

| Naam | Vergoeding | Ander toelaag | Ander vereffenings | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Melanie Attwell | 17 507.11 | | 1 644.95 | 19 152.06 |

## 5. RISIKOBESTUUR

Die Rekeningkundige Gesag is verantwoordbaar vir Ondernemingsrisikobestuur (ORB) in ooreenstemming met die Nasionale Tesourie Openbare Sektor Bestuursraamwerk en met die steun van die Direktoraat Ondernemingsrisikobestuur (D: ORB) in die Departement van die Premier. D: ORB voorsien 'n gesentraliseerde strategiese ondersteuningsdiens aan Wes-Kaapse regeringsdepartemente.

Die Departement van Kultuursake en Sport het 'n Ondernemingsrisikobestuursplan en 'n ORB-implementeringstrategie wat EWK inkorporeer. Dit sal uiteindelik EWK in staat stel om al hulle oogmerke, doelwitte en aanduiders te bereik, risiko-ondersteunde besluite te neem en aan toepaslike wetgewing te voldoen. Die plan en strategie beklemtoon die rol en verantwoordelikhede van bestuurders en personeel ten opsigte van risikobestuur in EWK en dit definieer die bemagtigende wetgewing, standaarde, meganismes, instrumente en hulpbronne om gebruik te word om die ORB-plan te verwesenlik.

DKES se topbestuurslede is amptelik aangestel as die Ondernemingsrisikobestuurkomitee (ORBKOM). Gedurende die oorsigjaar het ORBKOM kwartaalliks vergader om die risikoprofiel en risikohantering van die Departement te moniteer.

Risiko-assesserings word kwartaalliks op 'n strategiese en bedryfsvlak uitgevoer om bestaande risiko's te hersien en opkomende risiko's te identifiseer. Betekenisvolle risiko's vir die verwesenliking van beplande doelwitte word geassesseer ten opsigte van hulle waarskynlikheid en impak; risikobehandelingsplanne met teikendatums word ontwikkel; en risiko-eienaars word geïdentifiseer en vir die behandeling van sodanige risiko's verantwoordelik gehou.

D: ORB werk saam met die aangestelde risikobestuurders in DKES om hulle te ondersteun om die ORB-proses in die Departement te bestuur.

## 6. INTERNE BEHEEREENHEID

Dit is die Rekeningkundige Gesag se verantwoordelikheid om voortdurend die interne beheer te assesseer en te evalueer om te verseker dat die beheeraktiwiteite in plek doeltreffend, doelmatig en deursigtig is en dat hulle verbeter word wanneer nodig. Om dit te bewerkstellig, word kwartaallikse kernbeheervergaderings met die Ouditeur-Generaal en die LUR gehou. Dit is 'n voortgaande proses om te verseker dat elke oudit van EWK skoon is.

## 7. INTERNE OUDIT EN DIE OUDITKOMITEE

Onafhanklike interne oudit word deur die gedeelde Interne Ouditaktiwiteit wat in die Korporatiewe Dienstesentrum in die Departement van die Premier gevestig is, gebied.

In ooreenstemming met die WOFB en King III, voorsien die interne oudit die Ouditkomitee en bestuur met die versekering dat die interne beheer ten opsigte van bestuur, risikobestuur en beheerprosesse voldoende en doeltreffend is. 'n Risiko-gebaseerde Drie-jaar Voortgaande Strategiese en Jaarlikse Bedryfs Interne Ouditplan wat in ooreenstemming met die WOFB en King III is, is deur die Ouditkomitee goedgekeur. Die Ouditkomitee het ook die uitvoering van die bedryfsplan en EWK-bestuur se implementering van regstellende optrede gemoniteer.

Geen verdere befondsing is beskikbaar gemaak vir die vergroting van interne ouditkapasiteit nie en vanjaar was die fokus op die optimale benutting van die bestaande oudithulpbronne.

Interne Oudit erken die rol wat deur ander versekeringsverskaffers gespeel word en voorsien 'n gekombineerde versekeringsbenadering vir die komende jaar wat sal verseker dat interne ouditelhulpbronne op die mees toepaslike risikogebiede toegepas word.

EWK word deur die Maatskaplike Kluster-ouditkomitee bedien, en alle lede is onafhanklik, aangestel deur die hoof van Provinsiale Tesourie na raadpleging met die toepaslike uitvoerende gesag. Die Ouditkomitee werk ingevolge 'n verwysingsraamwerk wat op 18 Julie 2012 goedgekeur is.

Die Ouditkomitee vergader kwartaalliks om hulle verantwoordelikhede ingevolge die goedgekeurde mandaat uit te voer. Die Ouditkomitee het ook private vergaderings met die Uitvoerende Gesag en die Rekeningkundige Gesag om sake van belang te bespreek.

## 8. VOLDOENING AAN WETGEWING EN REGULASIES

Stelsels, beleidsrigtings en prosesse is in plek om voldoening aan wetgewing en regulasies te verseker.

## 9. BEDROG EN KORRUPSIE

Die beleid deur DKES geïmplementeer het ook betrekking op EWK.

Die Wes-Kaapse regering het 'n Anti-Korrupsie-strategie aanvaar wat die provinsie se zero-verdraagsaamheid teenoor bedrog en korrupsie bevestig. Daarby het die Wes-Kaapse Taalkomitee 'n goedgekeurde Bedrogvoorkomingsplan.

Die gedeelde Forensiese Ondersoekeenheid wat in die Korporatiewe Dienssentrum in die Departement van die Premier geleë was, voorsien forensiese ondersoekskapasiteit op versoek. Verskeie kanale bestaan vir die rapportering van bewerings van bedrog en korrupsie. Dit word volledig in die Anti-Korrupsiestrategie en die Departementele Bedrogvoorkomingsplan beskryf. Elke bewering wat deur die Forensiese Ondersoekseenheid ontvang word, word in 'n Saakbestuurstelsel opgeteken wat gebruik word as 'n bestuursinstrument om verslag te lewer oor vordering wat met sake gemaak word.

EWK beskerm werknemers wat inligting bekend maak oor beweerde bedrog, korrupsie en diefstal indien die bekendmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.i. nie kwaadwillig nie). Die opsie om anoniem te bly, word verleen aan enige persoon wat sake van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld. Indien hulle dit self doen, word hulle identiteit deur die persoon aan wie hulle vermoedens aanmeld, vertroulik gehou.

Indien bedrog of korrupsie ná afloop van 'n ondersoek bevestig word, word enige werknemer wat daarvan verdink word aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. In sulke gevalle word van die WRK-verteenwoordiger wat die dissiplinêre verhoor behartig, verwag om afdanking van die betrokke werknemer voor te stel. Waar daar *prima facie* bewys is van kriminele optrede, word die saak aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens gerapporteer.

## 10. BEPERKING VAN BELANGEKONFLIK

EWK verseker dat daar geen belangekonflik is deur aan te dring dat van elke diensverskaffer wat nie op die Wes-Kaapse Voorsienersdatabasis geregistreer is nie, 'n *Verklaring van Belange* (WCBD4-vorm) verkry word. Voordat daar sake gedoen word met verskaffers wat op die databasis geregistreer is, word nagegaan om te verifieer dat hulle WCBD4-verklarings nie ouer as 12 maande is nie.

Provinsiale Tesourie ondersteun departemente en openbare entiteite om die konflikte te verminder waar eienaars of maatskappydirekteurs ook staatsamptenare in die Wes-Kaap is. Dit word gedoen deur inligting van PERSAL [die Personeelsalarisstelsel] te voorsien oor staatsamptenare wat as

eienaars of direkteure van maatskappye geregistreer is. EWK verseker dat sodanige persone 'n *Renumeratiewe Werk buite die Staatsdiens* (RWBS)-goedkeuringsbrief toon voordat daar met hulle sake gedoen word.

EWK het geen belangekonflik gevind met enige besigheid wat met verskaffers voltrek is nie. Indien sodanige konflik ontdek word, sal die saak as 'n bedrieglike Voorsieningskettingsbestuursaktiwiteit hanteer word, en ná afloop van 'n ondersoek, word die verskaffer as 'n "nie-voorkeur"-diensverskaffer geïdentifiseer.

## 11. GEDRAGSKODE

Die beleid deur DKES geïmplementeer, het ook betrekking op EWK.

Die doel van die Gedragskode is om 'n hoë standaard van professionele etiek in die werkplek te bevorder. DKES streef daarna om die Gedragskode te onderskryf en daaraan te voldoen. Werknemers word tydens die verpligte induksie van alle nuutaangestelde werknemers van die inhoud van die Gedragskode bewus gemaak. Die Kode word aan alle werknemers verskaf om hulle te herinner om hoë standaarde van professionele etiek in die werkplek te bevorder. Wanneer die inhoud van die kode oortree word, maak bestuurders, waar nodig, gebruik van progressiewe dissipline. Meer ernstige oortredings word vir amptelike dissiplinêre prosedures na die Korporatiewe Dienstesentrum (Direktoraat: Werknemersverhoudinge) verwys.

Daarby word die Raadslede van EWK verplig om 'n gedragskode wat op hulle werksgebied betrekking het, te onderteken en daarby te hou.

## 12. GESONDHEID-, VEILIGHEID- EN OMGEWINGSAKE

Die beleid deur DKES geïmplementeer het ook betrekking op EWK.

In DKES word gesondheids- en veiligheidsake deur maandelikse inspeksies by die Hoofkantoor en jaarlikse ouditinspeksies by alle ander kantore van die Departement aangespreek. Gebeurlikheidsplanne en sakekontinuïteitsplanne is vir al die kantore opgestel. Die bestuurders in alle kantore is as Gesondheids- en Veiligheidskoördineerders aangestel. Veiligheidsbeamptes, eerstehulpbeamptes en brandbestryders is opgelei en in alle kantore aangestel.

Jaarliks word brandbestrydingsoefeninge in samewerking met die Departement van Gemeenskapsveiligheid en die Ramprisikobestuurdepartement van die Stad Kaapstad in die stadsentrum gehou. Laasgenoemde departement moniteer en voorsien kommentaar ten opsigte van alle prosesse.

Werksgesondheid en veiligheidsvergaderings word kwartaalliks op topbestuursvlak gehou om gesondheids, veiligheids- en omgewingsake te bespreek.

Die vlak van bewustheid is aansienlik verhoog deur die jaarlikse gesondheid en veiligheidsbewustheidsprogramme.

Die Departement het 'n afvalbestuursprogram geïmplementeer. Afvalpapier word versamel en maandeliks verwyder.

## 13. MAATSKAPPY/RAADSEKRETARIS

Nie van toepassing nie.

## 14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

Alle programme van EWK is veronderstel om sake met betrekking tot maatskaplike verantwoordelikheid aan te spreek.

## 15 OUDITKOMITEEVERSLAG

Dis ons voorreg om ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2013 voor te lê.

**Ouditkomiteelede en bywoning**
Ten opsigte van Kabinetresolusie 55/2007, word Erfenis Wes-Kaap bedien deur die Maatskaplike Kluster-ouditkomitee. Die Ouditkomitee bestaan uit die lede hieronder vermeld en en moet volgens die goedgekeurde mandaat ten minste 4 keer per jaar vergader. Tydens die oorsigjaar is 8 vergaderings gehou.

| Naam van lid | Aantal vergaderings bygewoon |
|---|---|
| Mnr. R Kingwill (Voorsitter) | 8 |
| Mnr. Z Hoosain (bedank 30 November 2012) | 6 |
| Mnr. M Burton | 8 |
| Mnr. L van der Merwe | 8 |
| Me. J Gunther (aangestel 01 Januarie 2013) | 2 |
| Mnr. F Barnard (aangestel 01 Januarie 2013) | 2 |

**Ouditkomitee-verantwoordelikheid**
Die Ouditkomitee berig dat dit voldoen het aan hul verantwoordelikhede wat voortspruit uit artikel 51(1)(a) van die WOFB en Tesourieregulasiie 27.1. Die Ouditkomitee berig ook dat hulle geskikte amptelike verwysingsraamwerk as hul Ouditkomiteehandves aanvaar het, hul sake in ooreenstemming met hierdie handves uitgevoer het en hulle verantwoordelikhede, soos daarin vervat, nagekom het.

**Doeltreffendheid van interne beheer**
Ons het die verslae van die interne ouditeurs, die Ouditverslag oor die Finansiële Jaarstate en die Bestuursverslag van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA) hersien; en betekenisvolle beheerswakhede gemerk wat in die interne ouditverslag oor erfenishulpbronbestuur beklemtoon is.

Ondernemingsrisikobestuur vir die entiteit word hanteer deur die beherende Departement van Kultuursake en Sport. Die Ouditkomitee het 'n aantal opkomende risiko's waargeneem en sal dit op 'n gereelde basis moniteer.

Ons het die OGSA se bestuursverslag bestudeer en stem saam met die bestuur se aanvaarding daarvan. Ons kan bevestig dat daar geen onopgeloste sake is nie.
Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van kwartaalverslae ten opsigte van in-jaarbestuur en kwartaallikse prestasieverslae wat ingevolge die WOFB en die Wet op Verdelilng van Inkomste voorgelê is en tydens die oorsigjaar deur die Rekeningkundige Gesag van die Openbare Entiteit uitgereik is.

Ons het, soos hieronder genoem, ons mandaat met betrekking tot die finansiële jaarstate vervul.

**Evaluering van finansiële state**

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde Finansiële Jaarstate wat in die Jaarverslag ingesluit moet word, bestudeer en met die OGSA en die Rekenpligtige Beampte bespreek;
- die OGSA se bestuursverslag en bestuur se respons daarop bestudeer;
- veranderinge aan rekeningkundige beleidsrigtings en praktyke soos in die Finansiële Jaarstate berig, bestudeer;
- die Openbare Entiteit se prosesse vir voldoening aan wetgewing en regulatoriese voorsienings bestudeer;
- die inligting oor voorafbepaalde doelwitte, soos in die Jaarverslag berig, bestudeer;

- materiële aanpassings wat uit die oudit van die openbare entiteit voortvloei, bestudeer;
- die interim finansiële state, soos deur die openbare entiteit vir die ses maande eindigend 30 September 2012, bestudeer en waar toepaslik, veranderinge aanbeveel.

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die OGSA se mening ten opsigte van die Finansiële Jaarstate, en stel voor dat die geouditeerde Finansiële Jaarstate aanvaar word en saam met die verslag van die OGSA gelees word.

**Interne oudit**

In ooreenstemming met die WOFB en die King III-verslag oor Korporatiewe Bestuur-vereistes, voorsien Interne Oudit die Ouditkomitee en Bestuur met die redelike versekering dat die interne beheer voldoende en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n risikogebaseerde interne ouditplan, Interne Oudit wat die geskiktheid van die risikoverminderingsbeheer assesseer en die ouditkomitee wat die implementering van regstellende optrede moniteer.

Die Ouditkomitee doen verslag dat die entiteit deur die Departement van Kultuursake en Sport bedien word en die interne beheertekortkominge word op departementele vlak gerapporteer.


Die Ouditkomitee bly bekommerd dat verdere ouditdekking nodig is om 'n beduidende persentasie van hoë risiko-gebiede te dek. Die Ouditkomitee sal verhoogde versekering oor beduidende risiko's aanmoedig deur oor die implementering van gekombineerde versekeringsbeginsels toesig te hou.

**Ouditeur-Generaal se Verslag**

Ons het die Openbare Entiteit se implementeringsplan vir ouditsake wat in die voorafgaande jaar op 'n kwartaallikse basis geopper is, bestudeer. Die Ouditkomitee het met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste sake is wat uit die regulatoriese oudit voortgespruit het nie. Regstellende optrede ten opsigte van die gedetailleerde bevindinge van die huidige regulatoriese oudit sal op 'n kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemoniteer word.

**Waardering**

Die Ouditkomitee spreek hul waardering uit teenoor die bestuur van die openbare entiteit, die Ouditeur-Generaal Suid-Afrika, die Provinsiale Ondernemingsrisikobestuurseenheid, die Forensiese Ondersoek- en die Interne Ouditeenheid vir die samewerking en inligting wat hulle voorsien het sodat ons hierdie verslag kon saamstel.



**Mnr. R Kingwill**
**Voorsitter van die Maatskaplike Kluster-ouditkomitee**
**16 August 2013**

# DEEL D: MENSLIKE HULPBRONBESTUUR

Personeel is in die diens van die Departement van Kultuursake en Sport

# DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING

# 1. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID

## Verklaring van verantwoordelikheid vir die Jaarlikse Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

Die Rekeningkundige Gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding van die openbare entiteit se Finansiële Jaarstate (FJS) en vir die bevindings wat in hierdie inligting bereik word.


Die Rekeningkundige Gesag is verantwoordelik vir die totstandkoming en implementering van 'n stelsel van interne beheer wat ontwerp is om ten opsigte van die integriteit en betroubaarheid van die FJS redelike versekering te voorsien.

Na my mening is die Finansiële Jaarstate 'n billike weerspieëling van die aktiwiteite van Erfenis Wes-Kaap vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2013.

Eksterne ouditeurs is gewerf om 'n onafhanklike mening oor die FJS van die openbare entiteit te lewer.

EWK se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2013 is geoudit deur die eksterne ouditeurs wie se verslag op bladsy 43 – 45 aangebied word.

Die Finansiële Jaarstate van die openbare entiteit op bladsye 47 tot 63 is goedgekeur.



Andrew Hall

Hoof Uitvoerende Beampte

Erfenis Wes-Kaap



Adv. Ronée Robinson

Voorsitter van die Raad

Erfenis Wes-Kaap

## 2. VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

In die 2012/13-jaar was die uitgawepatroon van EWK grootliks onveranderd in vergelyking met vorige jare. Die hoofgebied van uitgawe het betrekking op die hooftaak van die organisasie, naamlik steun aan die stelsel van aansoekverwerking ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne. In hierdie opsig is die hoofuitgawe, afgesien van die personeel wat deur die Departement van Kultuursake en Sport voorsien word, die koste van die vergaderings van die vier komitees wat die nodige kundigheid vir die proses voorsien.

Gedurende die jaar het die aantal aansoeke wat deur Erfenis Wes-Kaap ontvang is, vir die eerste keer 2 000 oorskry. Dit is 'n belangrike baken vir 'n bedryfsgebied wat na beraming meer as 90% van die werkslas omvat en dit dui op 'n jaar-tot-jaar toename van 14.4%. Gegewe 'n toename van 11.2% in die 2011/12-boekjaar, verwerk die organisasie nou 27.4% meer aansoeke as twee jaar gelede en dit sonder enige toename in finansiële of personeelkapasiteit.

Die werklasverhoging plaas groter druk op die organisasie, maar dit is ietwat verlig deur verbeterde doeltreffendheid. Hoër voldoening aan die wetgewing is bewerkstellig deur die verbetering van werksverrigting en dit het gelei tot die toename in die aansoeke wat ontvang is, en dit kan nie aan enige verbetering in die bousektor van die ekonomie toegeskryf word nie. Ons hoop dat in die nuwe jaar magte afgewentel sal word na die Stad Kaapstad, sodat ons werkslas verminder sal word en ons die gebiede van ons mandaat kan verken wat tot dusver nie moontlik was nie.

In die 2012/13-jaar is die beperkte implementering van die nuwe provinsiale erfenisterreinkentekens en die gradering van voormalige nasionale monumente uitgebrei. Gegewe dat daar ongeveer 2 500 terreine is wat gegradeer en gemerk moet word, is dit 'n taak wat op 'n volgehoue basis oor 'n lang tydperk ons aandag sal verg.

EWK het die grootste gedeelte van die oordragsbetaling wat van die Departement van Kultuursake en Sport ontvang is, uitgegee op die sake wat in die begroting vermeld word. Daar is egter twee uitsonderings: Een is 'n kontrak vir 'n Bewaringsbestuursprogram waarvan die prosesse onafgehandel is, vanweë die behoefte aan 'n groter mate van openbare deelname wat aanvanklik nodig was. Die tweede is dat die organisasie nie die fondse wat aan regskoste toegewys is, benut het nie omdat daar gedurende die jaar geen groot hofsake was nie. Die kostebesparing op regskoste sal toegevoeg word tot 'n som wat bestem is vir belegging en sal in die toekoms benut word as 'n reserwe waaruit, onder andere, toekomstige regskoste betaal kan word. Dit sal die begrotingsbehoefte aan 'n onvoorspelbare uitgawe uitskakel.

Tydens die boekjaar het EWK 'n ondersoek ná en die raadplegingsproses oor fooiheffing vir aansoeke afgehandel. Dit kan 'n redelike inkomste verseker en vir die uitbreiding van aktiwiteite voorsiening maak. Teen die einde van die jaar is 'n voorlegging vir die goedkeuring vir die goedkeuring van 'n fooistruktuur gemaak.

Ten slotte, my dank aan ons toegewyde personeel, komiteelede en raadslede vir hulle voortgesette toewyding tot die saak van erfenisbewaring. Sonder hulle steun en dié van ons Minister, dr. Ivan Meyer, en my kollegas in die Departement van Kultuursake en Sport wat ons finansies bestuur en hoogsgewaardeerde administratiewe steun verleen, sou EWK nie oor die tienjarige bestaan ontwikkel het tot die organisasie wat dit vandag is nie.

My dank aan hulle almal.

Naam: Andrew Hall

Hoof Uitvoerende Beampte
Datum: 27 Mei 2013
Erfenis Wes-Kaap

# 3. Verslag van die eksterne ouditeur

## VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL AAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT OOR ERFENIS WES-KAAP

## VERSLAG OOR DIE FINANSIËLE STATE

### Inleiding

1. Ek het die finansiële state van EWK op bladsye 47 tot 64 geoudit. Dit omvat die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2013, die staat van finansiële prestasie, die staat van veranderinge ten opsigte van netto bates, die kontantvloeistaat en die staat van vergelyking tussen die begroting en die werklike bedrag vir die jaar toe geëindig, asook die notas, wat bestaan uit 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleidsrigtings en ander verduidelikende inligting.

### Rekenpligtige Gesag se verantwoordelikheid vir die finansiële state

2. Die rekeningkundige gesag is verantwoordelik vir die voorbereiding en billlike verteenwoordiging van hierdie finansiële state in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (SA Standaarde van AERP), die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur van Suid-Afrika, 1999 (Wet nr. 1 van 1999) (WOFB) en regulasie 3(2) van die Provinsiale Erfenishulpbrongesagregulasies, 2002 (Provinsiale Kennisgewing nr. 336 van 2002) (regulasies) en vir sodanige interne beheer soos deur die rekeningkundige gesag nodig geag vir die voorbereiding van finansiële state sonder materiële wanvoorstelling wat aan bedrog of fout toegeskryf kan word.

### Ouditeur-Generaal se verantwoordelikheid

3. My verantwoordelikheid is om, gebaseer op my oudit, 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. My oudit is uitgevoer in ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika, 2004 (Wet nr. 25 van 2004) (WOO), die algemene kennisgewing daarvolgens uitgereik en die Internasionale Ouditstandaarde. Hierdie standaarde vereis dat ek die etiese vereistes nakom en die oudit beplan en uitvoer om redelike versekering te verkry dat die finansiële state sonder materiële wanvoorstelling is.

4. 'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om ouditgetuienis oor die bedrae en bekendmakings in die finansiële state te verkry. Die gekeurde prosedures berus op die ouditeur se oordeel, waaronder die assessering van die risiko's van materiële wanvoorstelling van die finansiële state, of dit weens bedrog of fout begaan is. In die maak van hierdie risiko-assesserings, oorweeg die ouditeur interne beheer wat toepaslik is vir die entiteit se voorbereiding en billike weergawe van die finansiële state om ouditprosedures te ontwerp wat paslik onder omstandighede is, maar nie vir die doel om 'n mening oor die doeltreffendheid van die entiteit se interne beheer uit te spreek nie. 'n Oudit sluit ook in die geskiktheid van rekeningkundige beleidsrigtings wat gebruik word en die redelikheid van rekeningkundige beraminge wat deur bestuur gemaak word, asook die evaluering van die omvattende weergawe van die finansiële state.

5. Ek glo dat die ouditgetuienis wat ek verkry het, voldoende en geskik is om as basis vir my ouditmening te dien.

**Mening**

6. Na my mening verteenwoordig die finansiële state in alle materiële opsigte billiksgewys die finansiële posisie van Erfenis Wes-Kaap soos op 31 Maart 2013, en die finansiële prestasie, kontantvloei en vergelyking van begroting en werklike bedrae vir die jaar toe geëindig, in ooreenstemming met die SA Standaarde van AERP en die vereistes van die WOFB en die regulasies.

**Beklemtoning van sake**

7. Ek vestig die aandag op onderstaande sake. My mening is nie gewysig ten opsigte van hierdie sake nie.

**Herplasing van ooreenstemmende syfers**

8. Soos aangedui in nota 14 by die finansiële state, is die ooreenstemmende syfers vir 31 Maart 2012 herplaas as gevolg van 'n fout wat gedurende die 2012/2013-boekjaar in die finansiële state van Erfenis Wes-Kaap gevind is teen, en vir die jaar geëindig, 31 Maart 2012.

**Materiële onderbesteding van die begroting**

9. Soos vermeld in die staat van vergelyking van die begroting en die werklike bedrae, het die entiteit die begroting materieel onderbestee met die bedrag van R547 000. Dit het nie 'n negatiewe impak op die entiteit se dienslewering gehad nie.

10. In ooreenstemming met die WOO en die algemene kennisgewing daarvolgens uitgereik, vermeld ek die volgende bevindinge wat betrekking het op prestasie teen voorafbepaalde doelwitte, voldoening aan wetgewing en regulasies en interne beheer, maar nie vir die doel om 'n mening daaroor uit te spreek nie.

**<u>Voorafbepaalde doelwitte</u>**

11. Ek het prosedures uitgevoer om getuienis oor die nut en betroubaarheid van die inligting in die jaarlikse prestasieverslag te verkry, soos op bladsye 20 tot 23 van die Jaarverslag uiteengesit.

12. Die gerapporteerde prestasie teen voorafbepaalde doelwitte is geëvalueer teen die omvattende kriteria van nut en betroubaarheid vir die doelwitte wat vir ouditering gekeur is. Die nut van inligting in die jaarlikse prestasieverslag hang af of dit ooreenkomstig die Nasionale Tesourie se jaarlikse verslaggewingsbeginsels verskaf is en of die gegewe prestasie met die beplande doelwitte ooreenstem. Die nut van inligting berus ook op die meetbaarheid van aanduiders en teikens (d.i. goed gedefinieerde, verifieerbare, spesifieke, meetbare en tydsgebonde) en toepaslik soos vereis deur die Nasionale Tesourie se *Raamwerk vir bestuur van programprestasie-inligting*.

    Die betroubaarheid van die inligting ten opsigte van die gekeurde doelwitte word geassesseer om te bepaal of dit die feite voldoende weerspieël (d.i. of dit geldig, akkuraat en volledig is).

13. Daar was geen wesenlike bevindinge oor die Jaarlikse Prestasieverslag ten opsigte van die nut en betroubaarheid van die inligting nie.

**<u>Voldoening aan wetgewing en regulasies</u>**

14. Ek het prosedures uitgevoer om getuienis te verkry dat die entiteit die toepaslike wetgewing en regulasies ten opsigte van finansiële sake, finansiële bestuur en ander verwante sake nagekom het. My bevindinge oor wesenlike nie-voldoening aan spesifieke sake in kerntoepaslike wetgewing en regulasies, soos uiteengesit in die algemene kennisgewing ingevolge die WOO, is soos volg:

**Finansiële jaarstate**

15. Die finansiële state wat vir ouditering voorgelê is, was nie in ooreenstemming met die voorgeskrewe finansiële verslaggewingsraamwerk, soos vereis deur artikel 55(1)(b) van die WOFB nie. Materiële wanvoorstellings van nie-huidige bates en 'n vrystellingsitem deur die ouditeurs in die voorgelegde finansiële state geïdentifiseer, is daarna gekorrigeer, sodat die finansiële state 'n ongekwalifiseerde ouditmening ontvang.

**<u>Interne beheer</u>**

16. Ek het interne beheer wat toepaslik is op my oudit van die finansiële state, prestasieverslag en voldoening aan wetgewing en regulasies oorweeg. Die saak hieronder vermeld onder die fundamentele van interne beheer, word beperk tot die betekenisvolle tekort wat gelei het tot die bevinding oor nakoming van die wetgewing en regulasies wat in hierdie verslag ingesluit word.

**Leierskap**

17. Die oorsig van die finansiële state voordat dit aan die ouditeure voorgelê is, was ondoeltreffend omdat dit nie getoon het dat die finansiële state 'n wesenlike wanvoorstelling was nie.

Auditor - General

Kaapstad

31 Julie 2013

AUDITOR-GENERAL
SOUTH AFRICA

*Auditing to build public confidence*

**ERFENIS WES-KAAP**

**FINANSIËLE JAARSTATE**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

Die state hieronder uiteengesit, omvat die jaarlikse finansiële state:

**Indeks** **Bladsy**

| Indeks | Bladsy |
|---|---|
| Staat van Finansiële Posisie | 47 |
| Staat van Finansiële Prestasie | 48 |
| Staat van Veranderinge in Netto-bates | 49 |
| Kontantvloeistelling | 50 |
| Staat van vergelyking van begroting en werklike bedrae | 51 |
| Versoening van werklike bedrae op 'n vergelykbare basis en werklike bedrae in die finansiële state | 52 |
| Notas by die Finansiële State | 53 - 63 |

## ERFENIS WES-KAAP

## FINANSIËLE JAARSTATE
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

### STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE soos op 31 Maart 2013

| Syfers in Rand | **Notas** | **2013 R'000** | 2012 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Huidige Bates** | | | |
| Inventaris | 2 | **81** | 35 |
| Handel en ander ontvangbares | 3 | **7** | 31 |
| Kontant en kontantekwivalente | 4 | **1,836** | 1,239 |
| **TOTAAL BATE** | | **1,924** | 1,305 |
| **LASTE** | | | |
| **Huidige laste** | | | |
| Handel en ander betaalbares | 5 | **68** | 22 |
| **TOTAAL LASTE** | | **68** | 22 |
| **NETTO BATES** | | | |
| Geakkumuleerde surplus | | **1,856** | 1,283 |
| **TOTAAL NETTO BATES** | | **1,924** | 1,305 |

**ERFENIS WES-KAAP**

**FINANSIËLE JAARSTATE**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

**STAAT VAN FINANSIËLE PRESTASIE vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Syfers in Rand | **Notas** | **2013 R'000** | 2012 R'000 |
|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | |
| Inkomste uit nie-uitruil-transaksies | 6.1 | **1,502** | 1,455 |
| Inkomste uit uitruiltransaksies | 6.2 | **76** | 47 |
| **TOTAAL INKOMSTE** | | **1,578** | 1,502 |
| **UITGAWE** | | | |
| Ledegelde | 10 | **(512)** | (567) |
| Administrasie-uitgawes | 9 | **(76)** | (56) |
| Ouditfooie | 7 | **(125)** | (150) |
| Ander bedryfsuitgawes | 11 | **(292)** | (106) |
| **TOTAAL UITGAWES** | | **(1,005)** | (879) |
| **SURPLUS VIR DIE JAAR** | | **573** | 623 |

## ERFENIS WES-KAAP

## FINANSIËLE STATE
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

### VERKLARING VAN VERANDERINGE IN NETTO-BATES

| Syfers in Rand | **Geakkumuleerde surplus R'000** | Totaal netto-bates R'000 |
|---|---|---|
| **Balans op 1 April 2011** | **660** | 660 |
| Surplus vir die jaar | **588** | 588 |
| **Balans op 01 April 2012** | **1,248** | 1,248 |
| Regstel van fout | **35** | 35 |
| **Herplasing van balans op 01 April 2012** | **1,283** | 1,283 |
| Surplus vir die jaar | **573** | 573 |
| **Balans op 31 Maart 2013** | **1,856** | 1,856 |

**ERFENIS WES-KAAP**
**FINANSIËLE JAARSTATE**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

**KONTANTVLOEISTAAT vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Syfers in Rand | **Notas** | **2013 R'000** | 2012 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Kontant ontvang | | **1,452** | 1,424 |
| Kontant betaal aan verskaffers en werknemers | | **(931)** | (946) |
| Kontant gegenereer/(gebruik) in aktiwiteite | 8 | **521** | 478 |
| Rente ontvang | | **76** | 47 |
| Netto-kontantinvloei/(uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite | | **597** | 525 |
| **Netto-toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente** | | **597** | 525 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | | **1,239** | 714 |
| **Totaal kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | 4 | **1,836** | 1,239 |

## ERFENIS WES-KAAP

**FINANSIËLE JAARSTATE**
**vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

**STAAT VAN VERGELYKING VAN BEGROTING EN WERKLIKE BEDRAE**

| Beskrywing | Goedgekeurde en finale begroting R,000s | Werklike bedrae op 'n vergelykbare basis R,000's | Verskil tussen finale begroting en werklike R,000's | Verskil % | Verduideliking van beduidende verskille (groter as 5%) versus begroting |
|---|---|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | | | |
| Oordragte en subsidies | 1,452 | 1,452 | - | - | |
| Ander bedryfsinkomste | - | 50 | 50 | 100% | Korting op ouditfooi van Ouditeur-Generaal is nie voor begroot nie. |
| Rente-inkomste | 76 | 76 | - | - | |
| **TOTAAL INKOMSTE** | **1,528** | **1,578** | **50** | **3%** | |
| | | | | | |
| **UITGAWE** | | | | | |
| Ledegelde | 873 | 486 | 387 | 44% | Minder vergaderings is gehou. |
| Administrasie-uitgawes | 100 | 75 | 25 | 25% | Die afname in lede en die vergaderings het die administrasie-uitgawe direk beïnvloed. |
| Ouditfooie | 58 | 111 | (53) | (91%) | Ouditfooie is binne begroting gehou. |
| Ander bedryfsuitgawes | 497 | 309 | 188 | 38% | Die afname in ledetal en vergaderings het die bedryfsuitgawes direk beïnvloed. Inventaris-uitgawe is uit hierdie item verwyder. |
| **TOTAAL UITGAWES** | **1,528** | **981** | **547** | **36%** | |
| **NETTO EFFEK** | **-** | **597** | **597** | | |

Die goedgekeurde begroting dek die periode vanaf 1 April 2012 tot 31 Maart 2013. Die finansiële state word op die toelopende basis voorberei, deur gebruik te maak van 'n klassifikasie van die aard van die uitgawes in die staat van finansiële prestasie. Die finansiële state verskil van die begroting, wat op die kontantbasis goedgekeur word, deur van dieselfde klassifikasie gebruik te maak.

'n Versoening tussen die werklike bedrae op 'n vergelykbare basis soos verteenwoordig in die staat van vergelyking tussen die begroting en werklike bedrae in die kontantvloeistaat vir die periode geëindig 31 Maart 2013 word hieronder verstrek. Die finansiële state en begrotingsdokumente word vir dieselfde periode voorberei. Daar is 'n basisverskil: die begroting word op 'n kontantbasis voorberei en die finansiële state op die toelopende basis.

## ERFENIS WES-KAAP

## FINANSIËLE JAARSTATE
## vir die jaar geëindig 31 Maart 2013

### VERSOENING VAN WERKLIKE BEDRAE OP 'N VERGELYKBARE BASIS EN WERKLIKE BEDRAE EN DIE FINANSIËLE STATE

| Beskrywing | Bedryfs R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|
| **Werklike bedrag op 'n vergelykbare basis in die begroting verteenwoordig en werklike vergelykende staat** | **-** | **-** |
| Basisverskille | 597 | 597 |
| Tydsduurverskille | - | - |
| Entiteitsverskille | - | - |
| **Werklike bedrag in die kontantvloeistelling** | **597** | **597** |

**ERFENIS WES-KAAP**

**NOTAS BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE**
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

## 1. REKENINGKUNDIGE BELEIDSRIGTINGS

## 1.1 AANBIED VAN FINANSIËLE STATE

Die finansiële state is voorberei in ooreenstemming met die volgende beleidsrigtings, wat in alle wesenlike opsigte konsekwent toegepas is, tensy andersins aangedui. Waar toepaslik en betekenisvol, is bykomende inligting egter bekend gemaak om die nut van die Finansiële State te verhoog en om te voldoen aan die statutêre vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (soos gewysig deur Wet 29 van 1999) en die Tesourie-regulasies ingevolge die Wet uitgereik.

### 1.1.1 Basis van voorbereiding

Die finansiële state is voorberei in ooreenstemming met die doeltreffende Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyke (AERP) asook enige vertolkings, riglyne en voorskrifte deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde uitgereik.

Die finansiële state is onder die historiese kostekonvensie voorberei, behalwe waar vermeld in die rekeningkundige beleidsrigtings hieronder. Die rekeningkundige beleidsrigtings hieronder is konsekwent toegepas ten opsigte van alle jare in hierdie finansiële state verteenwoordig, tensy andersins vermeld. AERP-standaarde wat ten opsigte van die oorsigperiode van toepassing is:

| AERP Nr. | Beskrywing | AERP Nr. | Beskrywing |
|---|---|---|---|
| AERP 1 | Voorlegging van finansiële state | AERP 14 | Gebeure ná die verslagdatum |
| AERP 2 | Kontantvloeistate | AERP 16 | Beleggingseiendom (soos hersien in 2010) |
| AERP 3 | Rekeningkundige beleidsrigtings, veranderinge in rekeningkundige beraminge en foute | AERP 17 | Eiendom, aanleg en toerusting |
| AERP 4 | Die gevolge van veranderinge in buitelandse valutakoerse | AERP 19 | Bepalings, gebeurlikheidslaste en gebeurlikheidsbates |
| AERP 5 | Leenkoste | AERP 21 | Verswakking van nie-kontant-genererende bates |
| AERP 6 | Gekonsolideerde en aparte finansiële state | AERP 23 | Inkomste uit nie-uitruil-transaksies (Belastings en oordragte) |
| AERP 7 | Beleggings in geassosieerdes | AERP 24 | Voorlegging van begrotingsinligting in finansiële state |
| AERP 8 | Belange in gesamentlike ondernemings | AERP 26 | Verswakking van kontant-genererende bates |
| AERP 9 | Inkomste uit uitruiltransaksies | AERP 100 | Nie-huidige bates gehou vir verkope en gestaakte operasies (soos hersien in 2010) |
| AERP 10 | Finansiële verslaggewing in hiperinflasionêre ekonomieë (soos hersien in 2010) | AERP 101 | Landbou |
| AERP 11 | Boukontrakte (soos hersien in 2010) | AERP 102 | Nie-tasbare bates |

**ERFENIS WES-KAAP**

**NOTAS BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE**
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| AERP 12 | Inventarisse (soos hersien in 2010) | AERP 103 | Erfenisbates |
|---|---|---|---|
| AERP 13 | Huurkontrakte (soos hersien) | AERP 104 | Finansiële instrumente |

Die voorbereiding van finansiële state ooreenkomstig AERP vereis dat die bestuur beslissings, beramings en aannames maak wat op die toepassing van beleidsrigtings en gerapporteerde bedrae van bates en laste, inkomste en uitgawe 'n invloed het.

Die beramings en aannames is gebaseer op historiese ervaring en verskeie ander faktore wat onder die omstandighede as redelik beskou word. Die resultate hiervan vorm die grondslag vir uitsprake oor drawaardes van bates en laste wat nie geredelik uit ander bronne blyk nie. Wesenlike resultate kan van hierdie beramings verskil. Die beramings en onderliggende aannames word op 'n voortgaande basis hersien. Hersienings van rekeningkundige beramings word aangegee vir die tydperk waarin die beraming hersien word, indien die hersiening slegs op daardie jaar 'n uitwerking het, of dan in die jaar van hersiening en daaropvolgende jare indien die hersiening beide die huidige jaar en die jare daarna beïnvloed.

**1.1.2 Standaarde nog nie van toepassing op die verslagperiode nie**

| | |
|---|---|
| **AERP 18** | Segmentverslaggewing |
| **AERP 20** | Verwante party-bekendmaking |
| **AERP 25** | Werknemervoordele |
| **AERP 105** | Oordrae van funksies tussen entiteite onder gemeenskaplike beheer |
| **AERP 106** | Oordrae van funksies tussen entiteite nie onder gemeenskaplike beheer nie |
| **AERP 107** | Samesmeltings |

**1.1.3** Die kontantvloeistaat kan slegs in ooreenstemming met die direkte metode voorberei word.

**1.1.4** Spesifieke inligting is apart voorsien op die staat van posisie, byvoorbeeld:

(a) Ontvangbares uit nie-uitruil-transaksies, waaronder belastings en oordrae;
(b) Belastings en oordrae betaalbaar;
(c) Handel en ander betaalbares uit nie-uitruil-transaksies.

## 1. 2 VOORLEGGINGSGELDEENHEID

Die funksionele geldeenheid van die entiteit is Suid-Afrikaanse Rand. Hierdie finansiële jaarstate word in Suid-Afrikaanse Rand voorgelê. Alle bedrae is tot die naaste duisend (1 000) Rand afgerond.

## 1.3. AANNAME OOR LOPENDE ONDERNEMING

Hierdie finansiële jaarstate word op die grondslag van 'n lopende onderneming voorberei.

## 1.4 BUITELANDSE VALUTA

Transaksies wat in buitelandse valuta gedenomineer is, word teen die heersende wisselkoers verwerk – die wisselkoers op die transaksiedatum. Monetêre items in buitelandse valuta

**ERFENIS WES-KAAP**

**NOTAS BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE**
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

gedenomineer, word verwerk teen die wisselkoers wat op die verslagdatum van toepassing is. Winste of verliese wat tydens omsetting ontstaan, word teen surplus of tekort opgeteken.

## 1.5 INKOMSTE

Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang is of ontvang kan word. Inkomste word aangeteken wanneer toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal waarskynlik na die entiteit sal vloei en wanneer die inkomstebedrag betroubaar gemeet kan word en daar aan spesifieke kriteria vir die aktiwiteite van die entiteit voldoen is. Inkomste uit die lewering van dienste word erken in surplus of tekort in verhouding tot die stadium van voltooiing van die transaksie teen verslagdatum.

Die bedrag word nie geag redelik meetbaar te wees totdat alle gebeurlikhede wat op die transaksie betrekking het, in berekening gebring is nie.

### 1.5.1 Inkomste uit nie-uitruil-transaksies

#### 1.5.1.1 Onvoorwaardelike toelae

'n Onvoorwaardelike toelaag word as inkomste aangeteken wanneer die toelaag ontvangbaar word.

#### 1.5.1.2 Voorwaardelike toelae en ontvangste

Inkomste ontvang uit voorwaardelike toelae, skenkings en befondsing word as inkomste erken in die mate dat die entiteit enige van die kriteria, voorwaardes of verpligtinge vervat in die ooreenkoms nagekom het. In die mate dat die kriteria, voorwaardes of verpligtinge nie nagekom is nie, word dit as 'n las aangedui.

Rente verdien op beleggings word in ooreenstemming met toelaagvoorwaardes hanteer. Indien dit aan die toelaagskenker betaalbaar is, word dit opgeteken as deel van die las en indien nie, word dit in die staat van finansiële prestasie as rente verdien, aangeteken.

Toelae wat die entiteit vergoed vir uitgawes aangegaan, word verstrek in surplus of tekort op 'n stelselmatige basis in dieselfde tydperke waarin die uitgawes erken word.

#### 1.5.1.3 Dienste in natura

Dienste in natura is dienste wat kosteloos deur individue aan entiteite voorsien word, maar dit mag aan stipulasies onderworpe wees. Openbare entiteit-personeel voorsien waardevolle steun aan die entiteit in die bereiking van hul doelwitte – die diens kan egter nie betroubaar gemeet word nie en dus word dit nie in die staat van finansiële prestasie of staat van finansiële posisie erken nie.

Die aard van die diens word weergegee in die notas by die finansiële state, verwante partye.

### 1.5.2 Inkomste uit uitruil-transaksies

Inkomste ontvang uit rente op beleggings en lopende bankrekening.

## ERFENIS WES-KAAP

## NOTAS BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

### 1.6 UITGAWE

#### 1.6.1 Finansiële transaksies in bates en laste

Skuld word afgeskryf wanneer dit as onverhaalbaar geïdentifiseer is. Skuld wat afgeskryf word, word beperk tot die bedrag van toegewese fondse wat gespaar en/of onderbestee is. Die afskrywing vind plaas aan die jaareinde of wanneer fondse beskikbaar is.

Geen voorsiening word gemaak vir onverhaalbare bedrae nie, maar bedrae word in ’n openbaarmakingsnota aangedui.

Alle ander verliese word verstrek wanneer magtiging verleen is dat dit wel gedoen kan word.

#### 1.6.2 Vrugtelose en verkwistende uitgawe

Vrugtelose en verkwistende uitgawe word as ‘n bate erken in die staat van finansiële posisie totdat die uitgawe herwin is van die betrokke persoon, of afgeskryf word as onherwinbaar in die staat van finansiële prestasie.

#### 1.6.3 Onreëlmatige uitgawe

Onreëlmatige uitgawe word as uitgawe in die staat van finansiële prestasie erken. Indien die uitgawe nie deur die toepaslike gesag goedgekeur is nie, word dit as ’n bate behandel totdat dit herwin word of as onherwinbaar afgeskryf word.

#### 1.6.4 Oordragte en subsidies

Oordragte en subsidies word erken as ’n uitgawe wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel verreken is (teen nie later as 31 Maart elke jaar nie).

### 1.7. FINANSIËLE INSTRUMENTE

Die finansiële instrumente van die entiteit word as óf finansiële bates óf laste gekategoriseer.

#### 1.7.1 Finansiële bates

’n Finansiële bate is enige bate wat kontant is of ’n kontraktuele reg om kontant te ontvang. Die entiteit het die volgende tipes finansiële bates soos gereflekteer op grond van die staat van finansiële posisie of in die notas daarby:

- Handel en ander ontvangbares
- Kontant en kontantekwivalente

In ooreenstemming met die AERP 104, word die finansiële bates van die entiteit in die volgende kategorieë deur hierdie standaard toegelaat, geklassifeer:

| Tipe finansiële bate | Kategorie ingevolge AERP 104 |
|---|---|
| Handel en ander ontvangbares | Lenings en ontvangbares |
| Kontant en kontantekwivalente | Lenings en ontvangbares |

## ERFENIS WES-KAAP

## NOTAS BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

#### 1.7.1.1 Lenings en ontvangbare rekeninge

Lenings en ontvangbare rekeninge word aanvanklik verstrek teen koste wat billike waarde verteenwoordig. Ná aanvanklike vermelding, word finansiële bates teen geamortiseerde koste gemeet, deur gebruikmaking van die doeltreffende rente-metode minus 'n toegewing vir verswakking.

Hulle word by huidige bates ingesluit, behalwe vir bedrae uitkeerbaar oor 'n tydperk van meer as 12 maande, wat as nie-bedryfsbates geklassifiseer word.

#### 1.7.1.3 Inventaris

Inventaris bestaan uit kentekens wat gebruik word om erfenispersele te identifiseer. Inventaris word teen geen koste versprei en word dus op die laer koste en huidige vervangingskoste gewaardeer.

#### 1.7.2 Finansiële laste

'n Finansiële las is 'n kontraktuele verpligting om kontant of 'n ander finansiële bate aan 'n ander entiteit te lewer. Die finansiële laste van die entiteit is handels- en ander betaalbare rekeninge, soos in die staat van finansiële posisie en die notas daarby, aangedui.

Daar is twee hoofkategorieë finansiële laste. Die klassifikasie word gebaseer op hoe hulle gemeet word. Finansiële laste word gemeet teen:

- Billike waarde deur surplus of tekort; of
- Geamortiseerde koste

Finansiële laste wat deur surplus of tekort teen billike waarde gemeet word, word teen billike waarde verstrek, met enige gevolglike wins of verlies in die staat van finansiële prestasie erken. Enige ander finansiële las moet aangedui word as finansiële las wat nie deur surplus of tekort teen billike waarde gemeet word nie, netto van transaksiekoste. Ander finansiële laste word vervolgens gemeet teen geamortiseerde koste, deur gebruik te maak van die doeltreffende rente-metode, met rente-uitgawe erken op 'n doeltreffende opbrengsgrondslag.

### 1.8 KRITIESE REKENINGKUNDIGE BERAMINGS EN BESLISSINGS

Die entiteit maak beramings en aannames ten opsigte van die toekoms. Per definisie, sal die gevolglike rekeningkundige beramings selde gelyk wees aan die verwante werklike resultate. Beramings en besluite word voortdurend geëvalueer en is gebaseer op historiese ervaring en ander faktore, waaronder verwagtinge van toekomstige gebeure wat onder die omstandighede as redelik beskou word. Die beramings en aannames wat 'n beduidende risiko inhou om in die volgende boekjaar 'n wesenlike aanpassing van die drabedrae van bates en laste tot gevolg te hê, word hieronder bespreek.

#### 1.8.1 Voorsiening vir waardeverlies op ontvangbares

'n Beraming vir die verswakking van ontvangbare rekeninge word gedoen wanneer die invordering van die volle bedrag nie meer moontlik is nie. Die voorsiening vir skuld weens waardeverlies word slegs op ontvangbare handelsrekeninge bereken. Die entiteit se totale voorsiening vir waardeverlies word op grond van indiwiduele debiteur of ten minste per risiko-kategorie bereken.

**ERFENIS WES-KAAP**

**NOTAS BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE**
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Syfers in Rand | **2013** **R'000** | 2012 R'000 |
|---|---|---|

### 1.8.2 Gebeurlikheidslaste

'n Beraming vir gebeurlikheidslaste word gemaak wanneer die entiteit as gevolg van gebeure in die verlede 'n wetlike verpligting het, indien dit moontlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne vereis sal word om die verpligting te skik, en 'n betroubare beraming van die verpligte bedrag gemaak kan word.

### 1.9 BTW

Die entiteit is van BTW-registrasie vrygestel. Indien daar egter enige befondsing ontvang word wat dit nodig sal maak vir die entiteit om as 'n BTW-ondernemer te registreer, sal sodanige aansoek gedoen word.

## 2. Inventaris

| | | |
|---|---|---|
| Inventaris | **81** | 35 |
| | **81** | 35 |

Inventaris bestaan uit keramiekteëls wat gebruik word om erfenisterreine te identifiseer. Hierdie teëls word gratis versprei.

## 3. Handel en ander ontvangbares

| | | |
|---|---|---|
| Handel en ander ontvangbares | **7** | 31 |
| | **7** | 31 |

Handel en ander ontvangbare word as lenings en ander ontvangbares geklassifiseer. Die drabedrag van handel en ander ontvangbares transaksies is gelyk aan hul billike waarde.

## 4. Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:

| | | |
|---|---|---|
| Banksaldo's | **1,836** | 1,239 |
| | **1,836** | 1,239 |

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant en korttermyn, hoogs likiede beleggings wat by geregistreerde bankinstellings gehou word met uitkeertermyne van drie maande of minder en is onderworpe aan onbeduidende rentekoersrisiko. Die drabedrag van hierdie bates is gelyk aan hulbillike waarde.

## 5. Handel en ander betaalbares

| | | |
|---|---|---|
| Handel betaalbares | **68** | 22 |
| | **68** | 22 |

Handel en ander betaalbares word as 'n finansiële las geklassifiseer. Die drabedrag van handel en ander betaalbares transaksies is gelyk aan hul billike waarde.

**ERFENIS WES-KAAP**

**NOTAS BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE**
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Syfers in Rand | 2013 R'000 | 2012 R'000 |
|---|---|---|

## 6. Inkomste

| | | |
|---|---|---|
| **6.1 Inkomste uit nie-uitruiltransaksies** | | |
| Oordragte en subsidies ontvang | **1,452** | 1.380 |
| Ander bedryfsinkomste – Afslag: Ouditfooie | **50** | 75 |
| | **1,502** | 1,455 |
| **6.2 Inkomste uit uitruiltransaksies** | | |
| Rente-inkomste | **76** | 47 |
| | **1,578** | 1,502 |

## 7. Ouditgelde

| | | |
|---|---|---|
| Eksterne oudit | **125** | 150 |
| | **125** | 150 |

Syfers in Rand

## 8. Kontant gegenereer uit/(gebruik in) aktiwiteite

| | | |
|---|---|---|
| Surplus voor belasting | **573** | 623 |
| Aanpassing vir: | | |
| Rente ontvang | **(76)** | (47) |
| **Veranderinge in werkskapitaal** | | |
| Veranderinge in inventaris | **(46)** | (35) |
| Handel en ander ontvangbares | **24** | (31) |
| Handel en ander betaalbares | **46** | (32) |
| | **521** | 478 |

## 9. Administratiewe uitgawe

| | | |
|---|---|---|
| Vermaak | **74** | 47 |
| Skryfbehoeftes en drukwerk | **1** | 8 |
| Bankfooie | **1** | 1 |
| | **76** | 56 |

**ERFENIS WES-KAAP**

**NOTAS BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE**
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Syfers in Rand | **2013 R'000** | 2012 R'000 |
|---|---|---|

## 10. Ledegelde

| | | |
|---|---|---|
| Almond J. dr. | **-** | 9 |
| Attwell M. me. | **18** | 19 |
| Baumann N. dr. | **7** | 9 |
| Brown F. mnr. | **8** | 3 |
| Burden M. dr. | **18** | 19 |
| Chirkure S. dr. | **2** | 3 |
| De Gois S. me. | **26** | 42 |
| Deacon J. dr. | **9** | 8 |
| Fefeza P. mnr. | **26** | 27 |
| Halkett D. mnr. | **17** | 16 |
| Hart T. mnr. | **13** | 17 |
| Joshua R. mnr. | **53** | 54 |
| Leslie M. me. | **37** | 51 |
| Louw P. mnr. | **7** | 17 |
| Summers R. mnr. | **15** | 14 |
| Malan A. dr. | **8** | 8 |
| Manzana Z. me. | **24** | 9 |
| Pether P. dr. | **5** | 2 |
| Lawson Q. mnr. | **23** | 7 |
| Robinson L. me. | **21** | 22 |
| Robinson R. adv. | **17** | 16 |
| Sealy J. prof. | **3** | 5 |
| Steenkamp M. mnr. | **5** | 10 |
| Thorold T. mnr. | **17** | 23 |
| Townsend S. dr. | **69** | 66 |
| Winter S. me. | **64** | 65 |
| Wolters M. me. | **-** | 26 |
| | **512** | **567** |

## 11. Ander bedryfsuitgawes

| | | |
|---|---|---|
| Reis en onderhoud | **55** | 58 |
| Konsultante, kontrakteurs en spesiale verlof* | **154** | 4 |
| Advertensiekoste | **53** | - |
| Publikasies** | **23** | 30 |
| Koerierdienste | **4** | 5 |
| Toerusting minder as R5 000 | **3** | - |
| Regskoste | **-** | 9 |
| | **292** | 106 |

* Konsultantuitgawes het toegeneem weens die Oorsig en herskryf van die Konsep-Bewaringsbestuursplan (BBP) vir Bobbejaanpunt Provinsiale Erfenisterrein (PET).
** Advertensiekoste het toegeneem weens die viering van EWK se 10de herdenking (spesiale biljette, portefeuljehouers en kalenders is gedruk.

**ERFENIS WES-KAAP**

**NOTAS BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE**
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Syfers in Rand | 2013 R'000 | 2012 R'000 |
|---|---|---|

## 12. Verwante partye

**Verhoudinge**

| | |
|---|---|
| Primêre befondser | Departement van Kultuursake en Sport |
| Strategiese vennoot | Wes-Kaapse Taalkomitee |
| Strategiese vennoot | Wes-Kaapse Kultuurkommissie |
| Sekondêre befondser | Nasionale Tesourie |

**Aard van verhouding**
Beamptes van die Departement van Kultuursake en Sport in die Wes-Kaap vervul die uitvoerende en administratiewe funksies van Erfenis Wes-Kaap.

Die entiteit maak gebruik van die kantoorruimte van die Departement van Kultuursake en Sport en het toegang tot die gebruik van hulle bates en die sekuriteitsdiens word deur die Departement van Gemeenskapsveiligheid voorsien.

Die Nasionale Tesourie subsidieer Erfenis Wes-Kaap se ouditfooie.

**Verwante party-transaksies**

**Inkomste ontvang van verwante partye**

| | 2013 | 2012 |
|---|---|---|
| Departement van Kultuursake en Sport | **1,452** | 1,380 |
| Nasionale Tesourie | **50** | 75 |

## 13. Risikobestuur

**Markrisiko**
Die entiteit se aktiwiteite stel dit bloot aan 'n verskeidenheid van finansiële risiko's: markrisiko (billike waarde rentekoersrisiko, kontantvloei rentekoersrisiko), kredietrisiko en likiditeitsrisiko.

Die entiteit is nie aan markrisiko blootgestel nie, omdat krediteure binne 30 dae ná ontvangs van 'n rekening betaal moet word, soos deur die Tesourie-regulasies en die WOFB vereis.

**Likiditeitsrisiko**
Likiditeitsrisiko is die risiko dat die entiteit nie in staat sal wees om die finansiële verpligtinge na te kom wanneer dit betaalbaar is nie. Ingevolge die leningsvereistes verseker die entiteit dat voldoende fondse beskikbaar is om verwagte en onverwagte finansiële verpligtinge na te kom. Alle uitstaande rekeninge betaalbaar, word binne 30 dae vanaf die verslagdatum betaal.

**Sensitiwiteitsontleding**
Indien die rentekoerse op veranderlike-koers finansiële instrumente teen 31 Maart 2013 1% hoër of laer was, met alle ander veranderlikes nog konstant, sou die jaar se wins ná belasting R15, 323 hoër of laer gewees het.

## ERFENIS WES-KAAP

## NOTAS BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

| Syfers in Rand | 2013 R'000 | 2012 R'000 |
|---|---|---|

**Rentekoersrisiko**
Die entiteit se risikoprofiel bestaan uit vaste- en swewende koerslenings en banksaldo's wat die entiteit aan billike waarde rentekoers-risiko en kontantvloei-rentekoersrisiko blootstel, en kan as volg opgesom word:

**Finansiële bates**
Handels- en ander ontvangbare rekeninge is op 'n vaste rentekoers. Die bestuur hanteer rentekoersrisiko deur voordelige koerse vir swewende koerslenings te onderhandel en waar moontlik van vastekoerslenings gebruik te maak. Die bestuur se beleid behels ook die balansering van die rente op batelenings met die rente betaalbaar op laste.

**Kontantvloei-rentekoersrisiko**

| Finansiële instrument | Lopende | Verskuldig in minder as 'n jaar | Verskuldig in een tot twee jaar | Verskuldig in twee tot drie jaar | Verskuldig in drie tot vier jaar | Verskuldig na vier jaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Kontant in huidige bankinstellings | - | 1,836 | - | - | - | - |
| Handel en ander betaalbares – uitgebreide kredietvoorwaardes | - | (68) | - | - | - | - |
| Nettobedrag | - | 1,768 | - | - | - | - |
| Verby terugbetaaldatum maar nie voor voorsien nie | - | - | - | - | - | - |

**Kredietrisiko**
Kredietrisiko verwys na die risiko dat die teenparty nie hul kontraktuele verpligtinge sal nakom nie, wat tot 'n finansiële verlies vir die entiteit kan lei. Die entiteit het 'n beleid aanvaar waarvolgens slegs met kredietwaardige partye sake gedoen word.

Kredietrisiko bestaan hoofsaaklik uit kontantdeposito's, kontantekwivalente, afgeleide finansiële instrumente en handelsdebiteure. Die entiteit deponeer kontant slegs by groot banke met hoëgehalte-kredietwaardigheid en beperk blootstelling aan enige teenparty.

Geen kredietperke is gedurende die verslagperiode oorskry nie, en bestuur verwag nie enige verliese vanweë nie-prestasie deur hierdie teenpartye nie.

**Maksimumblootstelling aan kredietrisiko**
Vir die oorsigperiode was die entiteit nie blootgestel aan kredietrisiko met betrekking tot lenings en ontvangbares nie.

**ERFENIS WES-KAAP**

**NOTAS BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE**
**Vir die jaar geëindig 31 Maart 2013**

## 14. Foute uit vorige periode

Die foute uit die vorige periode is herplaas en het ontstaan uit nuwe inligting wat verkry is en by die voorbereiding van die 2011/12-finansiële state in berekening gebring is. Die herplasing van die vorige periode fout het tot die volgende aanpassings gelei:

**Items geaffekteer in die Staat van Finansiële Prestasie:**

| | 2011/12 | Herplaas | Wesenlike verandering |
|---|---|---|---|
| Afname in uitgawe | 914 | 879 | (35) |

**Items geaffekteer in die Staat van Finansiële Posisie:**

| | 2011/12 | Herplaas | Wesenlike verandering |
|---|---|---|---|
| Toename in inventaris | - | 35 | 35 |

## 15. Taak

Oorsig en herskryf van die Konsep-Bewaringsbestuurplan vir Bobbejaanpunt Provinsiale Erfenisterrein.

| | | |
|---|---|---|
| | Waarde | 51 |

Heritage Western Cape
Protea Assurance Building, Greenmarket Square, Cape Town 8001
Postal Address: Private Bag X9067, Cape Town 8000
**tel:** +27 21 483 5959  **fax:** +27 21 483 9845
**Email: christina.jikelo@westerncape.gov.za**

ILifa leMveli leNtshona Koloni
Kwisakhiwo iProtea Assurance, eGreenmarket Square, Cape Town 8001
Idilesi yePosi: Private Bag X9067, Cape Town 8000
**umnxeba:** +27 21 483 5959  **ifeksi:** +27 21 483 9845
**i-imeyile: christina.jikelo@westerncape.gov.za**

Erfenis Wes-Kaap
Protea Versekeringsgebou, Groentemarkplein, Kaapstad 8001
Posadres: Privaatsak X9067, Kaapstad 8000
**tel:** +27 21 483 5959  **faks:** +27 21 483 9845
**Epos: christina.jikelo@westerncape.gov.za**

**www.westerncape.gov.za/dcas**

**Western Cape Government**

Cultural Affairs and Sport

PR226/2013 - ISBN:  978-0-621-42054-8